6. „Hoe-rè! hoe-rè![16] di coward Boers[17]
Di sal dit mòrre weet!
Hull' sal di slag fan Lange-Nek
So spoedig ni firgeet!"

7. As groot-praat[18] ooit 'n slag kan wen,
Dan was dit séker daar, —
Mar sè 'n doen loop hémels-breet
Seer dikwils uit mekaar.

IV.

1. Di sòn gan op, di beugel[19] blaas,
Di fy-ants-mag[20] klim op;
Di Boere sien dit alles an
Fan bówe-fan di kop.[21]

2. Mar bom 'n fuur-pyl gòñs[22] 'n kraak
En bars so digte-by,
Dat hull' mar om hull' léweñs wil[23]
Stil op di plek moet bly.

3. Hull' kan ni sien, waar of di mag
Sy añfal nou op munt,[24]
Daar-toe wort deur di moort-tuig hull'
Gin ógen-blik gegunt.

* * *

4. „Di fuur-pyl het sy werk gedaan,
Di bomme 'n di skroot;
Di laf-aart Boers het weggeflug,
Of hull' is almal doot.

5. „Op manne, op!" So klink di stem,
„Oñs weg is na Trañsfaal!"
Né — Got, waar Boere op firtrou,
Bestuur di bliksem-straal.

6. En hy het oek di bom bestuur,
Dat di hull' ni kon raak;
Hy is 'n Got, di graag firgeef,
Maar oek 'n Got fan wraak.

7. Daar já di Britse ruiters op,
Sal nou di Boere skiet? . . .
Eén enkel sarsi,[25] net mar één,
En di was ni fir-niet.[26]

8. Feul dooi-ë 'n gewonde fal,
En tot hull' groot geluk
Was hull' di heuwel gou-ër af-
As hull' was op-geruk.

9. En mit gefelde[27] bajonet
Storm nog 'n duisent man,
As woedent[28] teun 'n kleine klomp
Fan tagtig Boere an.

10. Soos in di herfs di bláre fal
En weg-waai foor di wint,
Fal ruim twé-honnert Britte daar
Heel spoedig 'n geswint.[29]

11. En net — di tyt was lank genoeg,
Dit was 'n fòl kwartier[30] —
Toe kry di klompi Boere hulp;
Got het dit so bestier.

V.

Toe retireer[31] di fyants-mag
En mit 'n witte flag
Smeek Englants dapper Generaal
Di Boere om firdrag.[32]

2. „Ter wille fan di mèñs-likheit
Haal jou gewonde weg;
Mar dóde léwer ek nou ni uit,
Mar wel na di gefeg.

* * *

3. 'n Feertien-stuks[33] so braaf as froom[34]
Betaal dit mit hull' bloet,
Nog ag-en-twintig wort gewont
Fan di Trañsfaalse stoet.[35]

4. Di dooi-ë eerlik in hul graf
Rus daar og Lange-nek,
'n Enkel steen-hoop wys òñs an:
Hier is hull' sluimer-plek.

5. As stryders fir hull' lant 'n goet,
Fir Got 'n huis-altaar,
Wag hull' daar op di oordeels-dag,
Lè hull' daar by mekaar.

VI.

1. Roem, Gri-kelant 'n Rome, roem
Jull' helde òñfirsaag,[36]
Wat strydent fir hull' Fader-lant
Hull' léwe het gewaag.

2. Roem, Britte, op Lord Wellington!
Romein, roem Caesars naam!
Roem, Frañs-man, jou Napoleon!
Oñs hoef[37] òñs ni te skaam.

3. Oñs wys bedaart[38] op Piet Joubert,[39]
Wat mit 'n kleine mag
Di Britse lé-ër het firslaan
In Lange-nek sy slag.

4. Roem, Sparta, jou dri-honnert man,
Wat in Thermopylé
Tien-duisent Perse het gestuit[40] —
Hull' léwe hèt gegé.

5. Bou daar fir hull' 'n ére-suil,
Wat eeuwe lank nog staat,
Waar hull', getrou an Spartas wet,
Hull' léwe het gelaat.

6. Oñs roem di tagtig Boere daar
Mit Greyling steets foor-aan,
Wat teun di duisent Britte pal[41]
Op Lang-nek het gestaan.

7. Oñs roem di dapper tagtig man,
Wat pal[41] stont[42] nes 'n rots;
Hull' het di Rooi-ës[43] daar firjá —
Firbreek di Brit sy trots.[44]

8. En fir di feertien, wat daar rus,
Bou daar 'n suil ter eer,
En bring òñs na-geslag[45] daar-by
Om dapperheit te leer.

Anmerkungen: [1] Lang-nek: Langpaß. Bergpaß zwiſchen Natal und Transvaal. Gewöhnlich Laings-nek geſchrieben. Laing iſt ein engliſcher Familienname. [2] General Colley: der kommandierende engliſche General in den Treffen von Laingsnek und Majuba. Gefallen auf Majuba am 27. Februar 1881. [3] ontset: entſetzt werden. firplet: vernichtet, überwältigt. Beachte die Weglaſſung des Hilfszeitwortes in dieſen Fällen. [4] foor-te-keer: den Weg zu ſperren. [5] òñgetrein: ungeübt, untrainiert. [6] grof geskut: Artillerie, ſchweres Geſchütz. [7] kruit 'n loot: Pulver und Blei, Munition. [8] is skaars: ſind nicht gut verſehen, mit. skaars: knapp, ungenügend. [9] net-nou: bald, im Nu. Über net ſiehe IV, 24. [10] uitgeput: erſchöpft, verbraucht. [11] tot réde bring: zur Vernunft bringen. [12] fuur-pyl: Rackete. [13] opgeslote: eingeſchloſſen, belagert. [14] maters: Kameraden (vergleiche § 23). [15] Sig ſich (vergleiche § 40). [16] Hoerè: Hurra. [17] coward Boers, engliſch: die feigen Buren. [18] groot-prat: Großſprecherei. [19] beugel: Trompete. [20] di fyants-mag: niederländiſch des vyands macht = die Macht des Feindes. [21] fan bówe-fan di kop: von oben auf dem Hügel. [22] gòñs: ſumſen. [23] om hull' léweñswil: um ihres Lebens willen, ihres Lebens wegen. [24] op munt: abſehen auf, zielen auf. [25] sarsi: Charge, Salve. [26] fir-niet: für nichts, umſonſt. [27] gefelde: gefällt. [28] as woedent: wütend, wie wütend. [29] spoedig 'n geswint ſchnell und geſchwind. [30] kwartier: Viertelſtunde. [31] retireer: ſich zurückziehen, retirieren. [32] firdrag: Vertrag, Waffenſtillſtand. [33] Feertien-stuks: vierzehn (Stück). [34] so braaf as froom: ſo tapfer als fromm. [35] stoet: Macht, Zug. [36] òñfirsaag: unverzagt. [37] hoef: brauchen. [38] bedaart: ruhig. [39] Piet Joubert: der verſtorbene Kommandant-General der transvaaliſchen Truppen † 1900. [40] gestuit: Einhalt tun. [41] pal: feſt, unerſchütterlich. [42] stont: Präteritum von staan. [43] Rooi-ës: Rotjacken, Engländer. Gewöhnlich Rooinek. [44] trots: Stolz. [45] nageslag: Nachkommenſchaft.

XIII.

Sudermann: Die Ehre. IV. 12.

Lenore. Robert, het tog médely-ë.

Mefr. Mühlingk. Wat is hier te doen? Kurt! Help, moort, moort! — Mar lui dan tog, Theodor!

Mühlingk. Stil, stil. Daar 's gen gefaar meer ni. — Wat wil jy nog hè? Firtrek!

Robert. Soe's 'n dief, ni waar ni? Ja Lenore, dat jy dit weet. Ek het gelt gespaar! 'n Dief is ek!

Lenore. Pa, om Gots-wil — wat het julle gedaan?

Robert. Goet. Dis di dag fan afrékening Lat òñs nou di balañs op-maak ... Di balañs tussen di foor-huis 'n di agter-huis. Oñs werk fir julle ... òñs gé òñs sweet 'n

òñs bloet fir julle ... In di tussen-tyt firlei jull' òñs susters 'n òñs dogters 'n betaal òñs fir hulle skande mit di gelt, wat òñs fir julle firdien 't ... Dit noem julle weldáde bewys! — Ek het met ná-wels en tanne fir julle wiñs geworstel 'n gin belóning fir-lang ni — Ek 't na julle op-gesien, soo's 'n mèñs na Heilige[1] opsien ... Julle was my geloof en my gotsdieñs ... 'n Wat het julle gedaan? — Julle het my[2] di eer fan my huis ontsteel, want eerlik was dit, ofskoon dit ook julle agter-huis was ... Di harte fan myn mèñse het julle my[2] ontsteel, want al was hulle ook fuile bedelaars, lief het ek hulle tog gehat, — di kussing, waar[3] ek my kop op[3] wou neer-lè, om uit-te-rus fan di arbeit fir julle, het julle fan my gesteel — julle het my[2] my faderlant ontsteel — julle het my[2] di liefde teenoor di mèñse en di firtrou-ë in Got ontsteel — julle het my[2] fréde. skaamte-gefoel 'n goei-ë gewéte ontsteel — di sòn fan di hemel het julle fan my weggesteel — julle is di diwe — julle!

Mühlingk. Sal ek jou deur di bediendes by di deur lat uitsmyt?

Lenore. Dit sal ni gebeur ni, pa!

Mühlingk. Wat? Jy?

Lenore. Hy sal frywillig 'n òñgekrenk hier-fen-daan weggaan. Of pa lat my ook foor di deur goi?

Robert. Lenore, wat wil jy doen?

Lenore. Het pa ni 'n woort fan ekskuus fir hom ni? Gin enkel woort ni?

Mühlingk. Jy 's gek!

Robert. Lat bly,[4] Lenore! ... Ek sal met — dankbaarheit an jou terug dink, solank as ek léwe ... Ek laat in jou dit agter, wat hulle fáderlant noem ... Wees geseent fir alles ... En nou faarwel! ...

Lenore. Moe-ni weggaan-ni! ... Moe-ni weggan-ni! . . 'n As jy gan, neem my dan saam!

Robert. Lenore!

Mühlingk. Wat be ...?

Lenore. Laat my ni alleen bly ni! Ek firkluim fan kou-ë tussen hier-di mure! ... Jy is my fáderlant ook! ... Jy is dit altyt gewees! ... Kyk, ek het my fir jou añgesmeer![5] Jy kan my ni meer fan jou wegstoot ni!

Mühlingk. Wat 'n skandaal!

Lenore. Liwe pa, òñs sal liwers[6] ni fir mekaar kwaat wees ni. Ek het di man lief. Fir wat julle fan hom geneem het, biet ik hom as fergoeding an, wat ek het. Ek het wel niks meer as my self ni. As hy dit wil hè ...

Robert. Lenore!

IV. 13.

Di Fórige. Trast.

Trast. Wat 't hiér gebeur?

Lenore. Ek dank jou, my ge-eerde frient, jy het my di règte pat gewys. Robert, lat òñs fir òñs 'n nuwe fáderlant, 'n nuwe plig maak!

Robert. En 'n nuwe eer!

Mefr. Mühlingk. Dis nou di danki wat òñs kry, Theodor?

Lenore. Pa, ma, ek fra jull' ni om fergiffenis ni, want wat ek doen, moet ek doen. Ek foel, dit kan gin ònrèg wees ni. Mar ek smeek julle: Dink in fréde an my.

Mühlingk. So? En jy dink, jy sal di huis firlaat, sònner dat ek fir jou sal sè, wi jy is? ... Jou[7] —

Trast. Ne, wag, meneer. — Waarom sal jy jou mit floeke firmoei? En dan nog in firtrou-ë: Jou dogter doen ni so. 'n slegte huwelik ni. Di jonkman wort my kompañjon, 'n añgesien ek gin famili-betrekkings het ni, ook my erfgenaam!

Mühlingk. Maar — meneer Graaf — waarom het jy dan ni — ...

Trast. Jou ge-eerde seen asseblief skriftelik!

Anmerkungen: [1] Heilige: Plural ohne Endung. Der Singular hat gewöhnlich man, mèñs, een. Siehe §§ 25, 31. [2] my: Dativus Incommodi. [3] waar ... op: siehe § 95. [4] laat bly oder laat staan: laſſen. [5] añgesmeer: Eigentlich angeſchmiert, aufgedrungen; an den Hals geworfen. [6] liwers: siehe § 84. [7] jou ((firfloekte kind): Uber jou als Nominativ siehe § 38.

XIV.

Sudermann: Frau Sorge. XIII.

Toen hy di anner mòrre wakker wort, fint hy sy ma foor di bet sit.

„Is ma al op?" fra hy ferwonnert.

„Ek kon ni slaap ni," sè sy met haar sagte stem, wat altyt klink, as-of sy om ekskuus fra,[1] fir wat sy sè.

„Waarom ni?" fra hy.

Sy gé hom gin antwoort ni, mar strook syn háre en glimlag treurig teen hom. Toe weet hy, dat di twéling gan firtel 't, 'n dat dit di besorgtheit om hom was, wat haar ni lat slaap 't ni.

„Dit was ni so erg ni, ma," sè hy om haar te troos, „hull' het hull' 'n bi-tji oor my frólik gemaak, fèrder niks —"

„Elsbeth ook?" fra sy met groot, angstige ó-ë.

„Né, sy ni," was sy antwoort, „mar —" hy swyg en drai hom na di muur toe om.

„Mar?" fra sy ma.

„Ek weet ni," antwoort hy, „mar daar is 'n „maar" dá-by".

„Misskien[2] doen jy haar oñrèg an," sè sy ma, „'n kyk, dit het sy fir jou met di meisies saam[3] gestuur." Sy haal 'n langerige[4] ding, wat sorgfuldig in sy-papier opgeròl was, uit haar sak uit.[5]

Daarin lè 'n fluit fan swart mahóni-hout gedrai, 'n foorsien fan blink, silwer knippe.

Paul wort rooi fan skaamte 'n freugde, mar di freugde firdwyn, 'n toen hy di instrument 'n tyt lang añgekyk 't, sè hy saggies:[6] „Wat fang ek nou daarmé an?"

„Jy sal daarop leer speul," antwoort sy ma, met 'n skyn fan hoogmoedigheit.

„Dis te laat," is sy antwoort, 'n hy skut sy kop, „ek het op di oomblik iets anners foor." — Dit was fir hom, as of hy gedwing wort, om 'n dooi ding weer uit di graf uit te moet haal. — — — —

„Nou, dit lyk, of jy jou gister weer mooi geblameer 't," sè sy pa, toe 't[7] hy mit hom by di koffi-táfel sáme-kom.[3] Hy glimlag stil by homself, 'n sy pa brom iets fan gebrek an eergefoel.

Di twéling sy ó-ë was groot 'n dik fan di slaap, 'n as hulle mekaar añkyk, straal daar 'n sálige lig oor hulle gesig.

Di was ten-miñste[8] gelukkig.

Di wéke gan firby. Di oes kom sonner teen-spoet in di skure, deur Paul sy òñfermoeide foorsorg. Dit was 'n ge-seende jaar, soos daar lank ni gewees 't ni. Di fader egter beréken reets, hoe 't[11] hy di opbrings op di beste manier fir sy turfspekulási sal kan gebruik.

Hy bly op sy ou manier bly[9] grootpraat, en hoe minner meneer Douglas nou fan hom lat hoor, des te meer spog[10] hy in di restaurants met di seen, wat deur di sy andeel daar-an sal ontstaan.

Nou 't[11] hy hom eenmaal met firneukery iñgelaat 't, moes hy elke leu-ën met 'n nu-we goet-maak. — Al mag meneer Douglas ook nog so lankmoedig wees, di misbruik, wat fan syn naam gemaak wort, moes hom eindelik te erg wòrre.

Dit was op 'n foor-middag in di laatste dá-ë fan Augustus, toen Paul, wat saam mit Michael Raudszuss op di werf[12] werk, di groot figuur fan syn buurman dwars deur di landery-ë reel-règ op di plaas sien añkom.

Hy skrik — dit kon ommoontlik iets goets betéken. Meneer Douglas gé hom friendelik di hand, mar onner sy grysháríge wenk-brou-ë blits dit onheil-spellent.

„Is jou pa tuis?" fra hy, 'n sy stem klink ontefréde 'n geraak

„Hy is in di foor-huis," antwoort Paul angstig, „as meneer Douglas[13] dit toestaan, gan ek met hom[13] saam[3] na pa[13] toe."

Sy fáder spring by di gesig fan di oñferwagte gas 'n bi-tji ferlé-ë fan sy stoel op; mar kry dadelik sy teen-woordigheit fan gees terug, 'n begin op sy groot-práterige manier: „Dis règte goet, dat jy hier is, meneer — ek moet dringent met jou praat."

„'n Ek ni minner met jou ni!" was di antwoort fan meneer Douglas, terwyl hy mit sy groot liggaam dig foor hom gan[14] staan. „Wat bedoel jy daarmé, my frient, om my naam so te misbruik?"

„Ek, jou naam — meneer — wat mátig jy jou an? — Paul gan uit!"

„Fir my part kan hy mar hier bly," antwoort Douglas, 'n drai hom na Paul toe om.

„Mar hy moet uit, meneer!" skré di ou, „ek is daar-om séker tog nog baas in my ei-ë huis, meneer?"

Paul firlaat toe di kámer.

In di donker gank fint hy sy ma, wat haar hanne gefou-ë 't, 'n met stárende ó-ë naar di deur kyk. Toen sy hom sien, bars sy in tráne uit, 'n frywe haar hanne. —

„Hy sal di énigste frient, wat ons op aarde het, nog deur sy gedrag weg-já," snik sy, 'n sink toen in sy arms weg, 'n skrik elke slag,[15] as di stemme fan di manne, wat rusi[16] maak, duidelikker haar oor tref.

„Kom weg, ma," smeek hy, „ma[13] wort daar deur alte opgewonde, 'n help kan òñs tog ni."

Sònner wil lat sy fer haar fan hom in haar slaap-kamer bring.

„Gé my 'n bi-tji asyn," fra sy, „anners fal ek om."

Hy doen, wat sy hom gefra het, 'n so lank as hy haar slápe iñ-frywe, spreek hy met harde stem teen haar, so dat sy di geskré fan di mans ni moes hoor ni.

Op eens wort di deure gegoi — — — 'n rukki wort dit stil, ákelig stil, toen klink di gerammel fan 'n ketting 'n di stem — hees fan kwaatheit — fan syn pa: „Sultan — pak hom!"

„Om Gots-wil, hy sit di hont agter hom an," skré hy 'n hart-loop[17] uit op di werf.[12]

Hy kom nog net betyts om te sien, hoe 't[11] Sultan, 'n groot, kwaai reun, naar Douglas sy keel spring, terwyl sy fáder met 'n peits in di hant agter-na loop.

Michael Raudszuss het sy hanne diep in di broek-sakke gesteek 'n staan dit staan[18] añkyk.

„Wat maak pa?"[13] skré hy, ruk hom di peits uit di hant, 'n wil agter di hont an, mar foor hy di twé wat staan worstel kan bereik, lè di dier, ferwurg deur di kragtige hant fan di reus, op di gròn̂t, 'n rek sy fier béne uit.

Anmerkungen: [1] om ekskuus frá: um Entſchuldigung bitten. [2] misskien: vielleicht (niederländiſch misschien aus 't mag schien (schieden) = es kann geſchehen). [3] saam: ſiehe IV, 12. [4] langerige: länglich, ſiehe § 82. [5] uit ... uit: ſiehe § 103. [6] saggies: ſanft, flüſternd, leiſe; ſiehe § 78. [7] toe 't für toen dat: ſiehe § 94. [8] ten-miñste: wenigſtens. [9] bly ... bly: ſiehe §§ 101, 103. [10] spog: prahlen, groß ſprechen. [11] hoe 't, nou 't: ſiehe § 94. [12] werf: Hof. [13] Meneer Douglas; hom; pa: ſiehe § 39. [14] gan: gehen. [15] slag: jedes Mal. [16] ru-si maak: ſich ſtreiten (niederländiſch ruzie). [17] hartloop: ſiehe § 87. [18] staan ... staan: ſiehe §§ 101, 103.

XV.

Wat di Firstandige Meulenaar firtel.

(Iſchokke, Das Goldmacherdorf III.)

Toen Oswald op sy dorp so feul ondeugde 'n sònne sien, swel sy hart fan kwaatheit. Hy gan in di meul in, soos hy gewoon was om te doen, as hy fir-erg was. En as di friendelikke Elsbeth daar teen hom lag, firdwyn sy kwelling soos 'n miswolk op 'n berg foor di sòn-skyn.

Hy sè fir di meulenaar: „Kyk, hoe-kom[1] is di mèñse tog so goddeloos, 'n di huise so fòl ellende! Dit is in froe-ër tyt ni so gewees ni. Toen was daar flytigheit op di landery-ë, opgesteltheit in di dorp, eendrag in di huise, 'n rykdom in di skure. Toen wert di boere hoog ge-eer deur di stat-lui, 'n di mèñse het hulle ook wel di hére Goldenthalers genoem. Nou is alles omgekeer, 'n di armoet sit langers di slegheit onner di dakke. Hoe het di oorlog dan so feul kwaat añgerig!"

Di meulenaar antwoort 'n sè: „Oñs dorp het baing deur di oorlog gely, nes anner dorpe en stede. Freemde folke het hulle[2] by ons iñgekwartier, 'n het òñs foor-raat opge-eet, òñs het di soldáte moet dien 'n léwer, wat hulle firlang; òñs het di oor-heit rente 'n belasting moet betaal; òñs het slegte firdienste gehat, want handel 'n firkeer het stil gestaan, alle iñkomste was firderf, 'n slegte járe 'n òñguñstige weer het nog daarby gekom, so-dat di gras op di felt, di graan op di lant, di frugte an di bóme 'n di druiwe an di wingert-stokke omgekom 't. Mar òñs òñgeluk is ni an di oorlog 'n di skaarsheit te wyt ni. Want anner dorpe 'n stéde het net so feul gely as òñs, 'n beginne tog alweer frolik hulle kop op te tel. Mar in òñs arm dorpi wort dit by di dag erger.[3] Anner stéde was in droefnis 'n armoet onner-gesink nes òñs; mar hulle rig hull' met Gots hulp daaruit op. Mar di hemel geklá! òñs gaat nou daarin te gronde."

„Mog Got dit firhoede!" sè Oswald. „Hoekom[1] is dit so?" Di meulenaar: „Dit kom daar-fendaan: di anner span hulle

kragte in 'n swem kant toe; òñs laat òñs an di spel fan di òñgeluks-branners[3a] oor, 'n òñs redding an di toetal. Ja, di wat fir òñs kan help, trek òñs nog di-per in di draai-kolk in."

„'n Wi is dit?"

„Ik sal dit jou in firtrou-ë onner fier ó-ë firtel!" sè di meulenaar. „As 'n gemeente di kreeftegang gaan, kan jy daarfan firseker wees, dat dit 'n slegte bestuur 't. En dis by òñs di gefal. Di bestuurs-léde fan òñs distrik is of self-sugtige mèñse, of eeñfoudige, swak persone. Twé fan hulle hou self drink-plekke an, 'n di skoon-seun fan di derde het ook 'n kantien.[4] Daar-om is dit naar hulle sin, as di mèñse liwers by hulle, agter di táfel, as by di werk is. As 'n gemeente-firgadering opgeroep wort, dan wort dit dan in di, 'n dan in daardi drink-plek gehou, 'n dan moet eindelik iets gedrink wòrre. As di wat dòrs 't gin gelt het ni, dan kry hulle krediet. Kan hulle ni betaal ni, dan wort fan hulle een goet-gelé-ë stuk gròñt na di anner afgekoop, of dit fir di skult añgeneem; of, wat di mèñse het, wort publiek firkoop. Dan is di bédelaars klaar. Daar-fen-daan kom langsámer-hant al di fas-goet in di hanne fan 'n paar ryk persone. Di wat wil gelt leen, gaat na hulle toe 'n kry dit fir twé- 'n dri-duwwele rente. So wort di behoeftige deur oñgristelikke woeker om so gou-ër gerinneweer."[5]

'n Waarom leen di, wat gelt nodig het, ni li-wers di gelt op anner plekke ni, of in di stat by regskápe mèñse ni?" fra Oswald.

„Omdat di mèñse fan anner plekke òñs gemeente gin oortji[6] meer wil toe-firtrou ni;" antwoort di meulenaar. So het òñs deur di agter-lósigkeit[7] fan di bestuurs-léde alle krediet firloor, 'n alle hoop op freemde hulp. Omdat òñs[8] nimant in di stat gelt wil leen ni, skel 'n floek òñs mèñse dag-fir-dag op di stat-bewóners, 'n dreig met moort 'n brant. As di stat eeñ-maal 'n òñgeluk mag oorkom, dan sal dit di grootste freugde fir òñs skorri-morri[9] wees, ofskoon òñs fan di stat nog feul firdieñste 'n aalmoese kry."

„Dis afskuwelik," skré Oswald, „mar òñs het tog nog 'n tamelikke stuk dorps-gròñt."

„Ja, di dorps-gròñt is ook belas 'n wort alleen deur di ryke[10] gebruik!" antwoort di meulenaar; „want as di bestuurs-léde 'n bésigheit moet firrig, 'n iñspeksi-reis an di grèñse moet maak, gaan añwys di hout wat moet gekap wort, of anners iets ekstra doen, dan wort op koste fan di gemeente ge-eet 'n gedrink. Daarmé gaan di besitting fan di gemeente deur di kéle fan di bestuurs-léde. Elke rit wil hulle betaal hè. Daarby kom, dat terwyl di ryke[10] koei-ë kan añhou, 'n di arme[10] ni, so gebruik hulle di wei-ë-gròñt in di bos 'n op di dorpsgròñt fir hulle alleen, 'n di arme[10] trek gen nut 'n foordeel fan di gemeente-goedere[11] ni."

„As jy dit alles weet, meulenaar, waarom sè jy dit dan ni an di héle gemeente 'n ópen hulle ó-ë ni?" fra Oswald toornig.

„Omdat dit niks help ni!" was di meulenaar sy antwoort, „want añgesien dat di meeste mèñse op di dorp an di ryke[10] gelt skult, doen di ryke, wat hulle wil, 'n geen een durf hulle teu-ë-praat[12] ni. 'n As een fan òñs di mont wil oop-maak teen[12] misbruike, dan raas 'n gaan di skurke almal tekeer, dat 'n mèñs fan syn léwe byna ni séker is ni. Dit weet di bestuurslède 'n di ryke baing goet. Hulle beskou di fir-armde kèrels as hulle honne, wat hulle op elk-een kan los laat, wat in hulle weg in kom."

„Dis fréselik!" skré Oswald. „As di mèñse dan gin firstant het ni, dan behoort[13] hulle tog 'n gewéte 'n frees fir Got te hè."

„Ja hulle behoort dit te hè," sè di meulenaar, „mar waar[14] sal hulle nou dit fandaan[14] kry? Oñs predikant is 'n ou man, wat fir sy saláris 'n gemak sòrre, altyt oor di geloof preek, fan hémel 'n fan hel, 'n sy kerk-pligte firrig soos 'n anner sy dag-werk, 'n as hy di gedaan 't, hom om niks anners bekommer ni. Wat di mèñse moet doen, waarin di Gristelikke deugde bestaan, 'n hoe't 'n mèñs dit kan firkry 'n moet uit-oefen — dit leer hy ni. Hy gan jare-lank in gin boer sy huis ni, teñsy[15] in gefal fan noot, waar 't hy geroep wòrre. Gefolgelik is hy gin ware raat-géwer, gin wáre trooster ni, 'n ken di toestant fan di families fèrweg ni goet genoeg, om ook in di huiselikke léwe fir hulle froomheit 'n ferbétering te werk ni. Di mèñse gaan uit gewoonte kerk toe, di prédikant preek uit gewoonte, 'n as hulle weer uit di kerk uit is, bly dit by di gewóne ondeugde 'n sédeloosheit. 'n Waar di mèñse binnekant in hulle harte ni beter wort ni, wort dit buitekant ook ni béter ni; 'n soos di ou-ërs is, so is ook di kinners."

„Wat, deug di skoolmeester ook ni?" fra Oswald.

Di meulenaar sè: „Fan jou pa, wat 'n Got-frésende 'n firstandige man was, gestorwe is, gaan dit met di skool sleg. Di jongetjies 'n meisies leer ter-nou-ër-noot lees, skrywe 'n réken, misskien ook 'n gebet. Mar fan di ou-ërs tuis leer hulle wat hull' sien, námentlik lieg 'n bedrieg, sweer 'n floek, huigelary, bekly[16] 'n rusi-maak,[17] bédel 'n steel, dòwwel 'n drink, leeg-loop 'n losbandigheit, twis 'n afguñs, skinner 'n kwaat-praat."

Toen Oswald di dinge gehoor 't, skut hy sy kop 'n gaan bedroef in sy siel daar-fendaan af weg.

Anmerkungen: [1] hoe-kom: warum, weshalb (wie kommt's?). [2] hulle: ſich. [3] erger: ſchlimmer. In dieſem Worte, wie in burger, berge uſw. wird das g als Media geſprochen. Siehe § 3. [3a] branners: Wogen. Siehe § 23. [4] kantien: Krug. Engliſch canteen. Gewöhnlich gebraucht man das engliſche Wort „bar" oder einfach hotel. [5] gerinneweer: niederländiſch ge-ruïneerd. [6] oortji:

kleine Münze. Engliſch farthing. Ein Viertelpenny. [7] agterlósigheit: Entſtellung des niederländiſchen achteloosheid. [8] òñs: Dativus Commodi. [9] skorri-morri: (niederländiſch schorre-morrie) Pöbel, Geſindel. [10] ryke: ſiehe § 25. [11] goedere: Güter; goeters: Siebenſachen, Dinger. [12] teu-ë in Zuſammenſetzungen: teen, teun, Präpoſition und Adverb: gegen, zurück. [13] behoort: ſiehe § 62. [14] waar ... fandaan: ſiehe § 95. [15] teñ-sy: es ſei denn, daß. [16] bøkly: niederländiſch bakkeleien ſtreiten. [17] rusi-maak: ſich zanken, niederländiſch ruzie.

XVI.

Di Hunne-slag.

(J. V. v. Scheffel, Ekkehard XIV.)

Goei-ë-Frydag-mòrre was añgebreek. Di sterfdag fan di Firlosser wort fandag op Hohentwiel ni op di stil manier gefier, wat di foorskrifte fan di kerk firlang ni. Di añkoms fan di ou-ë Moengal hat alle twyfel, of di fy-ant an 't[1] añkom was, lat firdwyn. Nog laat in di nag het hulle krygs-raat gehou 'n was ooreen-gekom om di Hunne tegemoet te trek 'n mit hulle op di oop felt te feg.

Droewig gaan di sòn op, kort daarna was hy weer agter di wolke. 'n Stormwint waai oor di lant, 'n ja di wolke, dat hulle oor di fèr Bodensé neersink, nes of wáter 'n lug één wil wòrre. Nou en dan breek 'n sòn-straal deur; dit was di nog oñbesliste stryt fan di foor-jaar mit di mag fan di winter. Di man-skappe was fan hulle rus-plekke opgestaan en berei hulle fir di ernstige bésigheit fan di dag foor.

In sy sòller-kámer loop Ekkehard stil-swyënt op 'n neer, met sy hanne in gebet gefou-ë. 'n Eerfòl opdrag was hom te beurt gefal. Hy sou fir di fersámelde man-skappe preek, alfórens hulle in di gefeg in gaan. Nou bit hy om sterkte en 'n moedige flug fan gedagte, dat sy woort as 'n gloei-ënde fonk mog wòrre, wat in di harte fan amnal di flam fan strytlus sou añblaas.

* * *

Dit was seuwe uur in di mòrre, toen hulle op di binneplaas fan Hohentwiel di gots-dieñs, foor hulle uittrek, hou. Onner di linde was di altaar opgestel, di geflugte heiligdomme staan daar-op tot troos fan di gelówige.[2] Di binne-plaas wort opgeful mit gewápende man-skappe, man an man staan di troppe fegters, so as Simon Bardo hulle firdeel het. Soos 'n dòwwe gebrom fan dònner-weer dreun di monnikke sy foor-gesang. Di abt fan Reichenau, mit sy toga 'n wit kruis, neem di hoogmis waar.

Daarop klim Ekkehard op di tré-tjies[3] fan di altaar; ontroer lat hy sy ó-ë oor di hoofde fan di firsamelde ménigte

gaan, nog een-maal gaat dit deur sy gedagte, hoe 't[4] foor korte tyt hy in di eeñsame kámer teen-oor di hertogin hat gestaan — 'n toe lees hy di éfañgeli fan di ly-ë 'n sterwe fan di Firlosser. Langsámer-hant wort sy stem duidelik 'n helder, hy soen di boek 'n gé dit an di dékaan, om neer te sit op di sy-kussing; sy blik slaat hy naar di hémel — toen begint hy sy preek.

Byna duisent jaar is firby-gegaan, roep hy, sédert di soon fan Got sy kop an di kruis-hout het laat sink, 'n gesè het: Dit is fòlbrog! Mar òñs het fir di firlossing gin plek in òñs gemoet foor-berei ni, in sònne het òñs gewandel, 'n di ergernisse, wat òñs in di hartheit fan òñs harte gegé 't, het tot di hémel geroep. Daarom is daar 'n tyt fan droefheit ontstaan, naakte sáwels blits òñs teen, heideñse mòñsters het in di Gristenlant iñgefal.

Mar in plaas fan te fra: Hoe groot is di lankmoedigheit fan di Heer, dat hy òñs lief-likke fáderlants-grònt an sulke peste[5] wil prys gé? behoort[6] èlkeen op sy bòrs te slaan en te sè: Om réde fan òñs firdorweheit is hulle gestuur gewòrre. En as julle fan hulle wil firlos wees, gedink dan an di dapper doot fan di Heilant. Gryp di hant-fatsels fan julle sáwels, so as hy eeñs di kruis gefat 't 'n naar di plek fan di kop-béne gedra 't, kyk na boon-toe[7] en soek julle ook julle Golgótha! . . . Hy wys in di rigting fan di sé sy oefers. Toen stroom sy añspraak mit woorde fan troos 'n belofte fèrder, sterk as di gebrul fan 'n leeu op di gebergte.

Di ty-ë wort firful, waar-fan staan geskréwe:[8] En as di duisent járe naar di ent toe loop, sal di Sátan uit sy gefangenis losgelaat wórre 'n uitgaan om di folke te firlei in di uiterste déle fan di wèrelt — di Gog en di Magog — 'n hulle firsámel tot di stryt. Hulle getal is soos di sant an di sé-strant; hulle trek ròn oor di wy-ë wèrelt, hulle omsingel di lá-ër fan Gots stryërs 'n di geliefde stat. Mar fuur daal uit di hemel 'n sal hulle firteer, 'n di duiwel, hulle firlei-ër, sal in di sé fan swáwel gegoi wort, waar ook di dier 'n di leu-ën-profeet is, 'n hulle sal gepynig wòrre dag 'n nag, tot in di éwige éwigheit.

En wat di prófeet op Patmos deur foor-gefoel geópenbaar het, dit is fir òñs borgtog 'n firsékering fan oor-winning, as òñs fan sònne gesuiwer in di gefeg uittrek. Lat hull' añstorm op hull' finnige pèrre, wat baat[9] dit? Tot seuns[10] fan di hel het di Heer hull' gestempel, daarom is hull' gesig net di mombakkies[11] fan 'n mèñs syn;[12] di oes op òñs landery-ë kan hulle firtrap, 'n di altáre fan òñs kerke skende, mar di arms fan manne, moedig in Got, kan hulle ni oorwen ni.

Dink dus daaran, dat òñs Swábe altyt moet foorfeg, waar om di bedrukking fan di ryk moet gestry wort; as dit op 'n anner tyt 'n gruwel in di oog fan di Heere is, op Sy dag di harnas an-te-trek – fandag sal hy òñs wápeñs seen, 'n stuur sy Heilige[2] tot bystant, 'n feg self saam mit òñs, hy di Heer fan

di heir-skáre, wat di blits firpletterent fan di hémel lat neerdaal, en di gápende afgrònde fan di diepte oopsit, as di uur fan firfulling añgebreek het.

Mit uitgesogte foorbeelde fan roemryke gefegte spoon Ekkehard toe sy toehoorders an, 'n ménige fuis druk di spies 'r ménige foet wort òñgeduldig opgelig, om uit-te-trek, toen hy fan di felt-tog fan Josua firtel, wat onner di beskerming fan di Heer éen-'n-dertig kónings firslaan het in di stréke annerkant[13] di Jordaan — 'n fan Gideon, wat onner di geklank fan basuine in di lá-ër fan di Midiani'te dring, 'n hulle geja 't tot by Bethseda 'n Tebbath — 'n fan di uitfal fan di manne fan Bethulie, wat na di roemryke daat fan Judith di Assyriers geslaan 't met di skerpte fan di swaart.

Tot slot roep hy uit, wat Judas di Makkabé-ër tot sy folk uitgeroep 't, toen hulle by Emmaus hulle lá-ër opgeslaan 't teen di lé-ër fan Antiochus: Omgort julle dus 'n wees dapper manne, en wees bereit, teen mòrre-froeg te feg teen di folke, wat añkom om òñs heiligdom uit-te-delg, want dis béter fir òñs om in di gefeg om-te-kom, as om di skanne an òñs heiligdom te añskou — Amen!

Di tyt fan 'n oomblik, na't hy ge-ëindig 't, bly dit stil; toen begint 'n gerammel 'n geraas, hulle slaan mit sáwel 'n skilt teen mekaar, lig di spi-se hoog op 'n swaai met di flá-ë — ou gewoonte fan toestemming. Amen! klink dit mit gedruis deur di ry-ë, toe bui-ë hulle di kní'-ë, di hoogmis kom op 'n ent; fréselik klink di hout-rátels in plaas fan di gewóne klokgelui by di plegtigheit. Wi 't[4] hom nog ni na paas-gebruik mit di liggaam fan di Heer gesterk 't ni, tré foor di altaar om dit te ontfang. En toe skré hulle fan di tóring: Wápen, wápen, di fy-ant — fan di sékant af kom hull' swart an, pèrt 'n ruiter, di fyant! — nou was daar gin keer meer 'n gin rus. Hull' storm na di poort toe, of hulle fan di gees gedrywe wort; skaars[14] kon abt Wazman nog di seen uitspreek.

* * *

Bly om te kan feg storm hulle uit di binne-plaas, in elke hart di gróter-wordende spanning fan murg 'n sénings, dat dit 'n groot oomblik te gemoet gaan. En daar was fan di monnikke fan St. Gallen fier-'n-sestig, fan di fan Reichenau neentig 'n meer as fyf-hònnert fan di burger-mag.[15] By di felt-téken fan di broeders fan St. Gallen loop Ekkehard; dit was 'n kruis omwonde met swart linte, añgesien di banier fan di klooster agtergebly was. Op di balkon fan di kasteel staan di hertogin, 'n laat 'n wit doek in di lug waai. Ekkehard draai hom na haar toe, maar haar blik firmy di syne; di afskeits-groet was ni fir hom gemeen ni.

* * *

By di geklank fan di trompette[16] swerm di trop foorwaarts. Daar was nog gin fyant te sien ni.

Di burger-mag firdeel hy in twé kolomme; dig an mekaar, met gefelde spi-se 'n langsaam ruk hulle fórentoe, fan di eerste kolom tot by di twéde 'n afstant fan 'n paar tré. Di heer fan Randegg 'n di maar[17] Fridinger foer hulle an.

Di monnikke laat hy in 'n hoop sáme-staan 'n stel hulle in di agter-hoede op.

Waarom dan so? fra di abt Wazmann; hy foel hom belédig omdat hom ni di eer fan di eerste añfal oor-gegé was ni.

Toe glimlag di krygs-erfáre man. Dis my keur-troepe, sè hy, ni omdat hulle ou-gediende soldáte is ni, mar wel omdat hulle fir terugkeer in hulle warm nes feg. Uit huis, 'n plaas, 'n bet firjá te wees, maak di hou-ë op hulle swaarste,[18] 'n di stéke op di diepste.[18] Moe-ni befrees wees ni, di ergste fan di gefeg kom nog froeg genoeg by di man-skappe fan di heilige Benediktus!

Di Hunne hat by añbreek fan di dag di klooster fan Reichenau ontruim; di foor-ráde was opge-ëet, di wyn opgedrink, di kerk geplunner: hulle dagwerk was firrig.

* * *

Hulle rit gaan deur di donker denne-bos naar Hohentwiel toe. Mar toen hulle so sònner op-te-pas weg galop, kom hier 'n daar 'n pèrt te foor-skyn; pyle 'n slinger-koels, deur oñsigbare skutters afgeskiet, flieg in di trop. Di foorhoede beginne huiwerig te wort. Wat hinner di muggi sy steek fir julle? skré Ellak, 'n steek sy pèrt met di spoor, foor-waarts, di gelyk gròn t is di plek fir 'n ruiter-gefeg. 'n Dósyn fan sy manne gé hy order om met di wá-ëñs agter-te-bly, om te kan skermutsel met di mèñse in di bos. Di aarde dreun fan di hoefslá-ë fan di forwaarts-já-ënde bende; op di gelyk gròn t brei di swerm uit en storm mit geskré op di añrukkende mag los. Fèr fooruit ry Ellak met di flag-drá-ër fan di Hunne. Hy swaai di groen-rooi flag oor hom, mar di anner lig hom hoog op in di saal, gé 'n wilde skré 'n skiet di eerste pyl-skoot af, opdat di gefeg fòllens ou gebruik mag geópen wees. Di moordery fan di felt-slag begint.[6] Weinig baat dit di swábise fegters, dat hulle pal[19] bly staan — 'n terughoudende bos fan làñse: was ook di ruiter-añfal afgeslaan, dan kom uit di fèrte 'n pyl-reent añgòñs: half règ-op in di sti-beuls staan di Hunne, nietteenstaande hulle pèrde galop; mit di teuwels oor di nekke fan di pèrde gegoi fat hulle kòrrel, di skoot is raak. Anner kom fan di kant af añgestroom — wé di man wat fal, as sy maters hom ni tussen hulle in neem ni.

Toe maak di lig-gewápende man-skappe in di wout plan om di Hunne in di rug antefal. Di trompetters[16] sy blaas roep

hulle by-mekaaar — mar so rats[20] as 'n gedagte was di fy-ant sy pèrde omgetrek, 'n pyl-reent fal neer op di añfallers, hulle steek fas, min fan hulle loop fèrder, ook hulle wort omgekantel, net Audifax marseer fórentoe; di pyle gòñs om hom, hy kyk ni op 'n ook ni agteruit ni, hy blaas di doedelsak, soos sy plig is: op di manier kom hy in di middel fan di gewoel fan di fyandelikke ruiters.

* * *

Di gefeg daarbuite in di flakte is nog in fòlle gang. Di swábise gelédere deiñs amper[21] terug, firmoei deur di oñgewóne manier fan feg. Bedenkelik kyk Simon Bardo daar oor-heen 'n skut syn kop. Di beste krygs-kunde, brom hy, wort firmors op hier-di Centaure, — dit já heen-'n-terug 'n skiet uit di fèrte, of my drifoudige gefegs-lini fir niks daar is ni; dis waarlik nootsákelik, dat 'n aparte kapittel oor di Hunne-añfal an di boek fan Keiser Leo oor di taktiek bygefoeg wort!

Hy ry naar di monnikke toe 'n firdeel hull' weer in twé klompe; di fan St. Gallen moes an di règter-, di Reichenauers an di linker-kant fan di foor-hoede optrek, dan omswink, so dat di fy-ant mit di bos in di rug in 'n halwekring sou iñgesluit wees. As òñs hulle ni omsingel ni, bly hulle ni staan ni, skré hy 'n swaai sy bré-ë slag-swaart; foor-uit 'n op hulle dan!

'n Wilde fuur straal uit ammal sy ó-ë. Mars-faardig staan di gelédere. Nou kniel elkeen nog, tel 'n kluit fan di gròn t af op 'n goi dit agter-uit oor sy kop, dat dit gewy 'n getoor sou wees deur di fáderlandse gròn t, — dan gaat hull' in di gefeg.

* * *

So feg hulle man om man. Firbaas[22] hat di Hunne di náderende klompe añskou; gehuil 'n di sissende duiwelse geroep: hoei, hoei! was hulle anwoort op di „media vita", en Ellak firdeel ook sy ruiters tot di añfal 'n rondom woet di gefeg. Deur spóre añgedrywe breek di pèrde deur di swak klompe fan St. Gallen, woedende alleen-fegtery begin, krag stry teen flugheit, germaañse oñhandigheit teen hunnise lis. Toe drink di gròn t fan Hegau meer as een froom man sy bloet. Tutilo, di sterke, lè firslaan, hy hat di pèrt fan 'n Hun lat struikel, di ruiter an di foete afgetrek 'n swaai di krom-gesig deur di lug 'n firpletter sy kop teen 'n rots — mar 'n pyl deurboor di gryse kuñstenaar sy sláp e, soos triomf-gesang fan hemelse skáre dreun dit deur sy gewonde harsings en hy sink neer op di firsláne fyant. Sindolt di kwaataardige, doen mit 'n wont 'n sy bòrs boete fir meer as een slegte poets wat hy fir sy máters gebak[23] het; dit baat di Skot Dubslan niks, dat hy di heilige Minwaloius belówe het, om kaalfoet 'n pelgrimstog naar Rome te maak, as

hy hom fandag beskerm — deur-skóte dra hulle hom uit di gewoel uit.

Toen di hou-ë op di helms dreun, soes há-ël wat op 'n los leidak fal, trek Moengal, di ou, di monniks-kap oor sy kop, om ni règs of links te kyk ni; sy speer het hy al weg gegoi. Kom uit nou, ou Cambutta, skré hy boosaardig 'n gespe di ki-ri,[24] wat oor sy rug fasgemaak hom firgesel, los, 'n staan in di gewoel, nes 'n man wat kóring uitslaan op di dòrsfloer. Langtyt al het 'n ruiter ròn t-om hom gedwaal, Kyrie eleison! sing di ou 'n slaan di pèrtji sy kop an twé stukke. Gelyk-foets spring di ruiter op di gròn t, 'n ligte hou fan di krom-sáwel raak Moengal sy arm skrams.[25] Arri, roep hy uit, in di lente-maant is dit goet om bloet-te-laat, pas op doktertji, en slaan 'n hou mit sy stok, as-of hy sy teen-stander 'n paar el diep in di gròn t in wou slaan. Di Hunne-fegter gé pat fir di hou, 'n af fal sy helm — 'n gesig mit rooi-wangetjies kyk fir hom an, golwende háre mit 'n rooi lint fasgemaak hang firwar daar-oor heen; 'n eer hy di twéde slag kan gé, spring dit teen Moengal op soes 'n tier-kat, di jong gesiggi wort opgelig tot foor syne, as-of hom in syn ou da-ë nog geleentheit fir 'n soen sou te beurt fal — toen kry hy 'n byt in sy wang, skerp 'n goet, hy pak sy añfaller om di lyf — dit was soes 'n frou haar heupe. Wyk fan my Satan, skré hy, het di hel duiwelinne ook uitgespuug?[26] Toe kry hy 'n twéde byt in sy linker-wang, om di firlóre éwe-wig[27] te herstel. Hy tré agteruit; sy lag teen hom, 'n pèrt sònner ruiter hart-loop firby — eer Moengal, di ou, sy ki-ri nog 'n slag opgetel het, sit Erica in di saal 'n ry weg soes 'n droom in di nag, as di haan kraai.

* * *

Teun di broeders fan Reichenau lei Hornebog sy afdéling. Daar hat di doot 'n ryk oes. Di klooster-mure gliñster fèr uit di sé teen di fegters, as 'n herinnering om geweldig daar op los te slaan, en meer as een fan di Hunne, wat in bereik fan di sáwels kom, merk, dat hy op swábise gròn t staan, waar di swaarste hou-ë wilt groei, soos aarbei in di bos in. Mar ook di ry-ë fan di broeders wort dunner, hier rus Quirinus, di skrywer, fir altyt fan di skryf-kramp, wat di lañs in syn règter-hant lat béwe 't; daar sink Wiprecht, di sterrekundige, 'n Kerimold, di baas-fis-fanger, en Wittigowo, di bou-kundige; wi ken hulle ammal, di naamlóse, wat 'n bly doot gesterwe het.

* * *

Om di felt-téken fan St. Gallen was 'n uitgelése klompi geskaar. Di swart linte waai nog altyt fan di beelt fan di gekruisigde, mar di stryt was swaar. Mit woort 'n daat fuur

Ekkehard di máters an om pal[19] te staan, dit was Ellak self, wat teen hulle añry. Di lyke fan firsláne mèñse 'n pèrde lè woes deurmekaar. Di wat nog léwe, het hulle plig gedaan, 'n waar ammal dapper is, staan gin afsonnerlikke daat, aparte roem frá-ënt, bó di gebeurde uit ni. Di sáwel fan heer Burkhard hat in di hanne fan Ekkehard 'n nuwe bloet-doop onnergaan; mar te firgeefs hat hy Ellak añgefal; net 'n paar hou-ë het hulle mit mekaar gewissel, toen skei di gewoel fan di slag fir hulle twé.

Di hoog-gehou-ë kruis begint reets te wankel, omgòñs deur onophoudelikke pyle — toe klink deur di ry-ë 'n geroep fan firwondering: fan di heuwel af, wat di tóring fan Hohenfridingen drá, kom twé pèrde-ruiters añgeja, freemd fan postuur 'n uitrusting. Moei-lik 'n groot fan omfang sit di een op sy pèrt; skilt 'n harnas was fan 'n firouderde form, mar firbleekte firgulding toon di foornáme krygsman an. 'n Gou-ë bant loop om di helm mit rooi feer-bos. Di mantel waai in di wint, mit sy spies règ-gelè ry hy foort, 'n beelt uit ou ty-ë, soos kóning Saul in di psalm-boek fan Folkard, toen hy uit-trek teen David. Sorgfuldig an sy sy ry di anner-een tot beskerming 'n dekking bereit, soos 'n getrou-ë dieñs-man.

Di aartsengel Michael! roep hulle in di gristelikke lé-ër 'n maak hulle klaar mit nuwe krag. Di sòn straal op di freemde ruiters sy wápeñs soos 'n belofte fan oorwinning — nou is di twé in di gewoel, as-of di persoon met di gou-ë uitrusting 'n teen-stander wou soek. Di sou ni lank uitbly ni. Toe't[4] di Hunne-leiër sy skerp ó-ë hom gesien 't, was ook sy pèrt net-firgou[28] naar hom toe gedraai; di fremde ruiter sy spies gan by hom firby, reets tel Ellak sy sáwel op fir 'n doodelikke hou. Mar di dieñs-man goi hom tussen in, sy bré-ë slag-swaart raak net di pèrt fan di Hun, toe bui-ë hy sy kop foor-oor 'n fang di slag, wat fir sy gebieder gemeen was, op; in di nek geraak gan di getrou-ë skiltknaap di doot in.

Met 'n kletterende fal sink Ellak sy pèrt neer op di gròn̈t, dog eer di geluit firby was, staan di Hun weer règ-op; di òñbekende stry-er swaai sy stryt-kolf, om hom te firpletter; Ellak, di linker foet op di dooi pèrt geleun, druk met gespierde fuis sy arm terug, 'n probeer om hom fan di pèrt af-te-trek. Man om man, begin 'n geworstel fan di twe sterk manne, so dat di fegters ròn̈t-om mit di slagtery ophou 'n staan kyk.

In di oomblik hat Ellak mit 'n listige draai sy kort halfsáwel, wat fòllens hunnise gebruik an sy règter-sy hang, gegryp, mar toen hy uithaal fir 'n nuwe slag, daal di stryt-kolf fan sy teen-stander langsaam neer op sy kop — al-hoewel[29] geraak, foer sy hant nog di stoot uit — dan trek dit tot in sy foor-kop, bloet oor-stroom dit, op sy oorlogspèrt tuimel di Hunne-añfoerder neer, 'n blaas oñgewillig sy léwe uit.

Di swaart fan di Heer 'n St. Michael! dreun dit nou uit di mont fan monnik 'n burger, fir 'n laas-te wanhópige añfal dring hulle foor-uit, nog altyt is di man mit di gou-ë uit-rusting di foorste in di gefeg. Di fal fan hulle añfoerder jaag di Hunne 'n pánise skrik op di lyf, agter-uit keer hulle, agter-uit in wilde flug.

* * *

Di oorwinning was behaal. Mar di wat[30] hulle fir 'n aarts-engel hou, neergedaal uit di hémel op di flakte fan Hegau, lat sy swaar kop op di nek fan sy pèrt neer-sink, teuwel 'n kolf fal uit sy hanne uit — was dit di laaste hou fan di Hun of was dit deur firstikking in di hitte fan di gefeg — hulle tel hom doot fan sy pèrt af. Sy fisier wort oopgemaak, 'n frólikke glimlag swéwe oor sy gerimpelde, geweldige, grys kop ... fan di uur hou di hoof-pyn fan di ou uit di Heiden-gat op. Hy het mit 'n eerlikke ruiters-doot di firbréke fan fir-gange ty-ë geboet, dit bewerk fir hom 'n frólikke doot. 'n Swart hont loop soek-soek[31] oor di slag-felt, tot hy di liggaam fan di ou gekry het, 'n lek droef-huilent sy foorkop. Ekkehard staan daar-by met tráne in sy ó-ë, 'n sè di gebet fir sy sile-heil op.

Met denne-takkies op di helm trek di oorwinnaars naar hulle berg-festing terug. Twaalf fan di monnikke laat hulle onner in di flakte bly, om lyk-wag op di slag-felt te hou. En daar was in di gefeg gefal honnert-fier-'n-tagtig fan di Hunne, fan di swábise burgers ses-'n-neentig, fan di fan Reichenau agtien, fan di fan St. Gallen twintig, di ou 'n Rauching, sy dieñs-man.

Sy wang firbonde, loop Moengal oor di felt, 'n leun op sy ki-ri,[25] soos op 'n wandel-stok. Hy kyk naar di gefallene.[2] Het jy gin Hun gekry, wat eentlik 'n frou is ni? fra hy an een fan di broeders. wat wag hou.

Né was di antwoort.

Dan kan ek huistoe gaañ! sprak Moengal.

Anmerkungen. [1] an 't añkom: ſiehe § 98e. [2] di gelówige: Plural ohne Endung. Siehe § 25. [3] tre-tjies: Deminutiv von niederländiſch trede = 1. Schritt, 2. Stufe. [4] hoe't: ſiehe § 94. [5] peste: eigentlich Peſt, auf Perſonen übertragen. [6] behoort; begint: ſiehe § 62. [7] na boon-toe: nach oben, aufwärts, gen Himmel. [8] geskréwe: Partizipium Präteriti von skrywe. [9] baat: was nützt's? [10] seuns: in seuns, mans, reuns (Rüden) iſt das n nicht guttural. [11] mombakkies: niederländiſch mom-bakkes: Maske, Fratze. [12] 'n mèñs syn: ſiehe § 18. [13] anner-kant: auf der anderen Seite, jenſeits; deus-kant: auf dieſer Seite, diesſeits. [14] skaars: kaum. [15] burger-mag: Heerbann. [16] trom-

pette oder trompetters: Trompeten. Ein Trompeter heißt trompetbläser. [17] maar: (niederländiſch mager) hager. [18] op hulle swaarste, op di diepste: ſiehe § 36. [19] pal: ſtandhaft, nicht wankend. [20] rats: raſch, geſchwind, ſiehe § 84. [21] amper: beinahe. [22] firbaas: erſtaunt, beſtürzt. [23] poets ... gebak: Tücke üben, Streiche ſpielen. [24] ki-ri: Stab, Keule. [25] skrams raak: ſtreifen, niederländiſch schram = Schramme, ſiehe § 84. [26] uitgespuug: ausgeſpien. Neben spuug auch die Formen spu und spoe(g). [27] éwe-wig: Gleichmaß, Gleichgewicht. [28] net-firgou: im Nu, bald. [29] alhoewel: obwohl. [30] di wat: derjenige, den. [31] soek-soek: ſiehe § 98d.

Durch die Güte der Herren Verleger — D. F. du Toit & Co., Paarl — habe ich die folgenden Stücke — XVII bis XXXIII — für die Übungen benutzen können.

Die Schreibweiſe weicht von der in § 16 angegebenen Rechtſchreibung einigermaßen ab.

ie	wird	ii geſchrieben
ei	„	y „
t (auslautend)	„	d „
fir	„	fer „

g und d ſind zwiſchen Vokalen erhalten in manchen Wörtern, wo ſie ſonſt verſchwinden.

Das auslautende t (d) des Partizipium Präteriti iſt vielfach beibehalten.

Alle Adjektive in attributivem Gebrauche haben Flexions-e.

Nachſtehende Nummern ſtehen auch in der Sammlung: De Gezellige; het boek voor iedereen. D. F. du Toit & Co., Paarl 1902: III, VI, VII; XXVIII, XXIX, XXXII, XXXIII.

XVII.

(Di eerste boek fan Moses, genoem Génesis. D. F. du Toit & Co., Paarl, 1893. VII—VIII.)

Di ĩngang in di Skip.

1. Toen sè Jehovah an Noach: 'Kom jy en jou héle huisgesin in di skip, want fer jou het Ek gesiin ôñberispelik foor Myn añgesig in di geslag.
2. Fan al di reine fé sal jy fer jou neem 7 páre, di mannetji en syn wyfi: en fan di ôñreine fé 2, di mannetji en syn
3. wyfi. — Oek fan di fó-ëls fan di lug 7 páre, mannetji en wyfi, om saad léwendig te hou op di añgesig fan di héle
4. aarde. — Want oër nog 7 dáge sal Ek laat reen op di aarde 40 dáge en 40 nagte, en elke ding, wat Ek gemaak het, sal Ek ferdelg[1] fan di añgesig fan di grònd af.

heid af: en Ek sal ni weer elke léwendige ding vernitig,
22. soos Ek gedaan het ni. — So lank as di aarde staan, sal saai-tyd en oes-tyd, en kou-ë en warmte, en sómer en winter, en dag en nag, ni ophou ni.'

Anmerkungen: [1] ferdelg: vertilgen, vernichten. [2] seuns: In dieſem Worte wird das n vor s nicht guttural geſprochen. [3] na-toe; uit ... uit; op ... op: über dieſe Wiederholung ſiehe § 103. [4] sig: ſich, ſiehe § 40. [5] gestadig: beſtändig. [6] fars-afgeplukte: friſchabgebrochene. [7] kyk 'n sien: Hebraismus. [8] met ... sáme: niederländiſch met ... mede. sáme nimmt im Kapholländiſchen vielfach den Platz von met, mé ein. So hat man: mé-gaan oder sáme-gaan (mitgehen). Doch faſt immer: gan jy sáme? (Gehſt du mit?). [9] fer-ménigfuldig: vervielfachen, vermehren. [10] om di mèñs ontwil: um des Menſchen willen. Dieſe Konſtruktion mit ontwil oder ontwil hat ſich von dem Pronomen auf das Gebiet des Nomens ausgedehnt. Nach dem Muſter von mynent-wil, hárent-wil (deutſch meinetwegen, ihretwegen) ſind Konſtruktionen wie om di mèñs-ontwil gebildet. Sie begegnen häufig in der Bibelüberſetzung.

XVIII.

(Aus: Di Efangéli fólleñs Mattéus. D. F. du Toit & Co., Paarl 1895.)

Di Preek op di Berg.

(Matth. V: 1—26.)

1. En toen Hy di gróte troppe mèñse siin, klim Hy di berg op, en na-dat Hy gaan sit het, kom syn leerlinge na Hom
2. toe; — en Hy ópen syn mond en Hy leer fer hulle en sè:
3. Sálig di eenfoudige,[1] want di Koninkryk fan di Hemele is hulle syne![2]
4. Sálig di treurende,[1] want hulle sal fertroos worde!
5. Sálig di sagsinnige, want hulle sal di aarde be-ërwe!
6. Sálig di hongerige en dòrstige na di geregtigheid, want hulle sal fersádig worde!
7. Sálig di barmhartige, want an hulle sal barmhartigheid bewys worde!
8. Sálig di reine fan hart, want hulle sal God siin!
9. Sálig di frédeliwende; want hulle sal seuns fan God genoem worde!
10. Sálig di wat ferfolg geworde is om di geregtigheid ontwil,[3] want di Kóninkryk fan di Hémele is hulle syne.[2]
11. Sálig is julle, as di mèñse fer julle sleg maak, en met leuëñs fer julle uitmaak fer al wat sleg is, om My ontwil![3]
12. Ferheug fer julle en wees baing bly, want julle loon is groot in di Hémele; want netso het hulle di prófète ferfolg, wat foor julle geléwe het.

13. Julle is di sout fan di aarde. Mar as di sout syn smaak
ferloor het, waarmé sal dit dan gesout worde? Dit deug
fer niks meer ni as om weg-gegoi en fan di mèñse fertrap
14. te worde. — Julle is di lig fan di wèreld. 'n Stad, wat bó
15. op 'n berg lè, kan ni ferborge bly ni. — 'n Mèñs steek
oek ni 'n lamp an en set dit onder 'n sképel ni, mar op
'n foet-stuk, en dit ferlig almal wat in di huis is. —
16. Laat julle lig so skyn foor di mèñse, dat hulle julle goei-ë
werke kan sien, en fer julle Fáder, wat in di Hémele is,
ferheerlik.
17. Moet-ni dink, dat Ek gekom is, om di Wet en di Próféte
te ontbinde ni. Ek is ni gekom om te ontbinde ni, mar om
18. te ferful. — Want, waarlik! Ek sè fer julle, totdat di
Hémel en di aarde ferby gegaan is, sal daar fan di Wet
ni 'n jóta of stippel[4] ferbygaan nie, totdat dit alles gebeur
19. is. — Di man, wat dus[5] een fan di geringste fan di gebóde
ontbind, en di mèñse so leer, sal di geringste genoem
20. worde in di Kóninkryk fan di Hémele. — Want ek sè fer
julle, as julle geregtigheid ni oorfloediger is as fan di
Skrifgeleerde en Fariseers ni, sal julle di Kóninkryk fan di
Hémele ni iñgaan ni.
21. Julle het gehoor, dat an di ouë mèñse gesè is: Jy sal ni
imand fermoor ni; mar wi 'n moord pleeg, sal gefaar loop
22. by di Règbank. — Mar Ek sè an julle, dat elkeen wat op
syn broer toornig worde, sal gefaar loop by di Règbank;
en wi fer syn broer sè: Raka! di sal gefaar loop by di
Gróte Raad; en wi sè: Jou dwaas! di sal gefaar loop tot
23. in di Helse Fuur. — As jy dan jou offerande by di altaar
breng en daar gedagte kry, dat jou broer iits teen jou
24. het, — laat jou offerande daar foor di altaar bly, en gaan
eers, maak af met jou broer, en kom dan en offer jou
offerande.
25. Maak gou-gou[6] af met jou teenparty, so lank as jy nog
met hom op di pad is, dat di teenparty jou ni altemit an
di regter oorgé ni, en di regter jou an di kòñstáwel[7] oorgé,
26. en jy in di tronk gegoi worde ni. — Waarlik! Ek sè fer
jou, jy sal daar ni uitkom ni, foor jy di laaste oortji
betaal het ni.[8]

Oordeel oor Andere.

(Matth. VII: 1—12.)

1. Moet-ni 'n fonnis uitspreek ni, anders word oor julle 'n
2. fonnis uitgespreek; — want di fonnis, wat julle uitspreek,
sal oor julle uitgespreek worde, en met di maat, waarmé
3. julle meet, sal fer julle gemeet worde. — En wat kyk jy
na di splinter in jou broer syn oog, mar di balk in jou oog
4. merk jy ni? — Of hoe sal jy fer jou broer sè: „Laat ek di

splinter uithaal uit jou oog uit," en kyk di balk is in jou
5. oog! — Jou skyn-heilige! Haal eers di balk uit jou oog uit, en dan eers sal jy goed kan siin om di splinter uit jou broer syn oog uit te haal.
6. Moet ni di heilige dinge fer di honde gé ni, en moet julle pèrels ni fer di farkeñs goi ni; dat hulle dit ni eendag met hulle foete fertrap, en dan omdraai en fer julle ferskeur ni.
7. Bidde, en an julle sal gegé worde; soek en julle sal kry;
8. klop an, en dit sal fer julle ópe-gemaak worde. — Want elkeen wat bidde, di ontfang; en wat soek, di kry; en wat añklop, fer di word ópe-gemaak.
9. Of watter mèñs is daar onder julle, as syn seun fer hom
10. brood fra, wat fer hom 'n klip sal gé; — of as hy om fis
11. fra, fer hom 'n slang sal gé? — Mar as julle, wat sleg is, weet om an julle kinders goei-ë gáwe te gé, hoefeel meer sal julle Fáder, wat in di Hémele is, goei-ë gáwe gé an di wat fer Hom bidde!
12. Daarom alles, wat julle wil, dat di mèñse an julle sal doen, so moet julle oek an hulle doen; want dit sè di Wet en di Próféte.

(Matth. VII: 21—27.)

21. Ni elkeen wat fer My sè: ‚Hére! Hére!' sal in di Kóninkryk fan di Hémele ingaan ni, mar di wat di wil doen fan
22. myn Fáder in di Hémele. — In di dag sal baing fer My sè: ‚Hére! Hére! het òñs ni in Uw[9] naam geprofeteer, en in Uw naam bóse geeste uitgedrywe, en in Uw naam baing
23. kragtige dáde gedoen ni?' — En dan sal Ek fer hulle ópenlik sè: ‚Ek het fer julle nooit geken ni; gaan weg fan My af, julle wat met julle werke di wet ferbreek het.'
24. Want elkeen, wat di woorde fan My hoor en dit doen, Ek sal fer hom fergelyk by 'n ferstandige man, wat syn huis
25. op di rots gebou het. — En di stort-reen fal neer, en di wáter-stróme kom an, en di winde waai, en slaan teen di huis an, en dit fal ni, want dit was op di rots gebou.
26. En elkeen wat di woorde fan My hoor en dit ni doen ni, sal fergelyk worde by 'n òñferstandige man, wat syn huis
27. op di sand gebou het. — En di stort-reen fal neer, en di wáter-stróme kom an, en di winde waai, en slaan teen di huis an, en dit stort in, en syn fal was groot.

Anmerkungen. [1] eenfoudige: ſiehe § 25. [2] hulle syne: ſiehe §§ 18, 43. [3] om ... ontwil: ſiehe XVII, 10. [4] stippel: Punkt, Flecken. [5] dus: alſo. [6] gou-gou: ſiehe § 89. [7] kòñstáwel: Poliziſt. Engliſch constable. [8] Über das Setzen des zweiten ni direkt nach dem Verba anſtatt ans Satzende ſiehe § 92. [9] Uw: ſiehe § 38.

XIX.

Jesus op Golgóta.

(Matth. XXVII: 32—54.)

32. En toen hulle fer Hom weg breng, kry hulle 'n man fan
Siréne, met di naam fan Simon; en hulle pres[1] fer hom
om syn kruis te help dra.
33. En toen hulle gekom het op 'n plek genoem Golgóta, wat
34. betéken Kopbeen-Heuwel, — gé hulle fer Hom wyn
met gal gemeng om te drink; en toen Hy dit geproef het,
wou Hy ni drink ni.
35. En toen hulle fer Hom gekruisig had, ferdeel hulle syn
36. klére met ló-tjiis-trek. — En hulle gaan daar sit en hou
wag oor Hom.
37. En hulle sit bó syn hoof syn beskuldiging op, aldus
geskrywe: Dit is Jesus, di Kóning fan di Jóde.
38. En daar werd 2 moordenaars met Hom saam gekruisig,
een an syn règter en een an syn linker-hand.
39. En di wat daar ferby loop belaster fer Hom, en skud hulle
40. koppe, — en sè: „A! jy, wat di tempel afbreek en in dri
dáge opbou, ferlos nou fer jou self! As jy Gods[2] seun is,
kom af fan di kruis af!"
41. En netso bespot di Oor-priesters sáme met di Skrif-ge-
42. leerde en Ouderlinge oek fer Hom, en sè: „Andere het Hy
ferlos, Hy kan Homself ni ferlos ni! As Hy Isra-ëls kóning
is, laat Hy nou afkom fan di kruis af, en òñs sal in Hom
43. gelówe! — Hy het op God fertrou, laat Di fer Hom nou
help, as Hy in Syn guñs is! Want Hy het mos[3] gesè: ‚Ek
44. is Gods seun!' — En diselfde ferwyt Hom oek di moorde-
naars, wat met Hom saam gekruisig was.
45. En fan di sesde uur af tot di négende uur kom daar dui-
46. sternis oor di héle aarde. — En omtrent di négende uur
roep Jesus met 'n harde stem: Eli! Eli! lama sabagtani?
Dit is: Myn God! myn God! waarom het U[4] fer My fer-
47. laat? — Party fan di wat daar staan, sè, toen hulle dit
hoor: „Hy roep fer Elia!"
48. En dádelik loop een fan hulle, en neem 'n spòñs, en maak
dit fòl asyn, en steek dit op 'n riit, en gé dit fer Hom
49. om te drink. — Mar di ander sè: „Wag, stop! laat ons
50. kyk, of Elia kom om fer Hom te ferlos!" En Jesus roep
weer met 'n harde stem en gé syn gees oor.
51. En kyk, di gordyn fan di tempel skeur in twé fan bó tot
52. onder; en di aarde béwe; en di rotse skeur; — en di grafte
in di rotse gaan ópe, en féle liggáme fan afgesterwe
53. heilige werd opgewek. — En na syn opstanding is hulle
uit di rots-grafte uit-gegaan, en in di heilige stad gekom,
en an féle ferskyn.

54. En di hoofman en di wat saam met hom fer Jesus bewaak, toen hulle di aard-béwing siin, en wat daar gebeur was, werd hulle baing bang en sè: „Waarlik di man was Gods seun!"

Anmerkungen. [1] pres: preſſen, nötigen. [2] Gods seun: Reſt des alten Genetivs. [3] mos: doch, ja. [4] U ſiehe § 38.

XX.

Di Opstanding fan Jesus.

(Matth. XXVIII: 1—20.)

1. En laat na di Sabbat, by dagbreek fan di eerste dag fan
2. di week, kom Maria Magdaléna, en di andere Maria, om
3. di graf te besiin. — En kyk, daar kom 'n gróte aard-
4. béwing; want 'n engel fan di Hére daal neer fan di hémel
5. af, en kom daarby, en ròl di klip af, en sit daarop. —
6. En syn gedaante was nes di bliksem, en syn kléding wit
7. nes sneeu. — En uit frees fer hom béwe di wagters en
8. werd nes dó-je mèñse.
9. Mar di engel antwoord, en sè fer di frou-ëñs: „Moet julle
10. ni bang wees ni! want ek weet, dat julle fer Jesus soek,
11. wat gekruisig is. — Hy is ni hiir ni; want Hy is opgewek,
12. soos Hy gesè het; kom, kyk di plek, waar di Hére gelè
13. het. — En gaan haastig heen en sè an syn leerlinge:
14. Hy is onder di dó-je uit opgestaan, en kyk, Hy gaan fer
15. julle fooruit na Galiléa toe; daar sal julle fer Hom siin.
16. Kyk, ek het fer julle dit gesè."
17. En hulle gaan haastig weg fan di graf af, met frees en
18. gróte blydskap, en loop, om dit an syn leerlinge te bood-
19. skap. — En kyk, Jesus ontmoet fer hulle en sè: „Wees
20. gegroet!" En hulle loop toe en gryp syn foete en añbid
21. fer Hom. — Toen sè Jesus fer hulle: „Moet ni bang
22. wees ni! gaan heen, fertel fer myn broers, dat hulle na
23. Galiléa moet gaan, en dáár sal hulle fer My siin."
24. En terwyl hulle heengaan, kyk, énige fan di wag kom in
25. di stad, en fertel an di Oorpriisters alles wat gebeur is. —
26. En hulle kom by makaar, saam met di Ouderlinge, en
27. nadat hulle raad gehou het, gé hulle an di soldate baing
28. geld, — en sè: „Julle moet fertel: „Syn leerlinge het in
29. di nag gekom, en het fer Hom gesteel, so lank as òñs
30. geslaap het." — En as di Gouwerneur[1] dit mog[2] hoor, dan
31. sal òñs fer hom tefréde maak, en òñs sal sorge dat julle
32. fry kom." — En hulle neem di geld, en doen soos fer
33. hulle foorgesè was. En di ferhaal is onder di Jóde fer-
34. sprei tot fan-dag toe.
35. En di 11 leerlinge gaan na Galiléa toe, na di berg, waar
36. Jesus fer hulle bestel het. — En toen hulle fer Hom siin,

18. añbid hulle fer Hom; mar party twyfel. — En Jesus kom na hulle toe en sè: „An My is gegé alle mag in hémel
19. en op aarde. — Gaan nou uit, maak al di folke tot Myn leerlinge, deur hulle te doop in di naam fan di Fáder, en fan di Seun, en fan di Heilige Gees, en deur hulle te leer om te onderhou alles, wat Ek fer julle georder[3] het. —
20. En kyk, Ek is met julle saam al di dáge tot in di foleinding fan di bedéling.[4]

Anmerkungen. [1] Gouwerneur ſprich goe-werneur: (niederländiſch gouverneur) Statthalter. [2] mog: Präteritum von mag. [3] georder: befohlen. [4] bedéling: Urteil.

XXI.

(Aus: Di openbaring fan Jesus Gristus déur S. J. du Toit. D. F. du Toit & Co., Paarl 1898.)

Di Troon-Tóneel.

(Offenb. IV: 1—10.)

Daarna siin ek, en kyk, 'n geópende deur in di Hémel, en di eerste stem, wat ek nes 'n trompet met my hoor praat het, sè: „Kom op, hiirnatoe![1] en ek sal fer jou wys wat hier-na moet gebeur.

En dádelik was ek in di gees, en kyk, 'n Troon staan in di Hémel, en daar sit Een op di Troon. — En Hy, wat op di Troon sit, was fan añsiin nes 'n Jaspis en Sardius-steen; en ròn-om di Troon was 'n reent-boog, wat lyk nes 'n Smarag-steen.

En ròn-om di Troon was 24 tróne, en op di tróne siin ek di 24 ouderlinge sit, met witte klére an, en met goue króne op hulle hoofde. — En uit di Troon uit gaan weerligte, en geluide, en dònderslág; foor di Troon brand 7 lampe fan fuur, wat di 7 Geeste fan God is. — En foor di Troon was 'n sé fan glas soos kristal; en in di middel fan di Troon en ròn-om di Troon 4 léwende wéseñs, fòl óge fan foor en fan agter. — En di eerste léwende wése nes 'n leeu, en di twéde léwende wése nes 'n kalf, en di derde léwende wese had 'n añgesig nes 'n mèñs, en di fiirde léwende wése nes 'n fligende árend.

En di 4 léwende wéseñs, wat elkeen 6 flerke had, was ròn-om en fan binne fòl óge; en hulle had dag en nag gen rus ni, en sè:

„Hylig! Hylig! Hylig!
Hére! God! Al-beheerser!
Wat was, Wat is, Wat kom!"

En wanneer di léwende wéseñs sal heerlikhyd en eer en dank toebring an Hom, wat op di Troon sit, en fer Hom, wat léwe tot in di eeu-ë fan di eeu-ë,[2] dan sal di 24 Ouderlinge

neerfal op hulle añgesigte foor Hom, wat op di Troon sit, en fer Hom añbidde, wat léwe tot in di eeu-ë fan di eeu-ë, en sal hulle króne neer-goi foor di Troon, en sè:

„U is dit wèrd, òñs Hére en God! om te neem di heerlikhyd, en di eer, en di mag; want U het al di dinge geskápe, en deur Uw wil was hulle, en word hulle geskápe."

Anmerkungen. [1] hier natoe: hierher, siehe § 103. [2] eeu-ë fan di eeu-ë: Hellenismus.

XXII.

Di Wilde Diir uit di Sé.

(Offenb. XII: 18—XIII: 10.)

En hy gaan staan op di sand fan di Sé. — En ek siin uit di Sé uit opkom 'n Wilde Diir, met 10 hórings en 7 koppe en op syn hórings 10 kóninklikke hoofsiirsels,[1] en op syn koppe náme fan gods-lastering. — En di Wilde Diir wat ek gesiin het lyk nes 'n luipèrt,[2] en syn póte was nes[3] di fan 'n beer, en syn bek was nes 'n leeu syn bek. En di Draak gé an hom syn krag en syn troon en gróte mag.

En ek siin een fan syn koppe nes dit keel-af-gesny[4] was, en syn dódelikke wond werd genees. — En di héle aarde loop ferwonderd agter di Wilde Diir an; — en hulle añbid di Draak, omdat hy an di Wilde Diir di mag gegé het; en hulle añbid di Wilde Diir en sè: „Wi is gelyk an di Wilde Diir? En wi kan met hom feg?"

En an hom word 'n mond gegé, wat gróte woorde en gods-lasteringe spreek; en an hom word mag gegé om dit te doen 42 maande. — En hy ópen syn mond met lastering teen God, om syn naam te laster, en syn Tabernakel, en di wat in di hémel woon. — En dit wort an hom toegelaat om te feg teen di hylige, en fer hulle te oorwin: en an hom word mag gegé oor alle geslagte en násiis en tále en folke. — En almal wat op di aarde woon sal hom añbid, almal fan wi di náme ni geskrywe is fan di gròndlegging fan di wéreld af in di Léweñs-boek fan di Lam wat geslag is.

As imand óre het, laat hy hoor! — As imand andere in di tronk goi, word hy self in di tronk gegoi; as imand met di sáwel dood-maak, moet hy met di sáwel dood-gemaak worde. Hiir is di fòlharding en di getrouhyd fan di hylige!

Koms fan di Bruidegom as Oorwinnaar oor di Wèreldmag.

(Offenb. XIX: 11—21.)

En ek siin di hémel geópen, en kyk, 'n wit pèrd, en Hy wat daar-op sit word genoem „Getrou en Waaragtig", en Hy

oefen gerig uit en maak oorlog met geregtighyd. — Syn óge was nes 'n fuurflam, en op syn hoof was baing kóninklikke hoofsiirsels, en Hy had 'n naam geskrywe, wat nimand ken ni as Hyself. — En Hy was gekleed met 'n kleed, besprinkel[5] met bloed; en syn naam word genoem „Di Woord fan God."

En di légers wat in di hémel is, folg agter Hom an op wit pèrde, gekleed met fyn-linne, wit en ryn. — En uit syn mond uit gaan 'n skerpe sáwel, om daarmé di násiis te ferslaan; en Hyself sal fer hulle oppas nes 'n herder met 'n yster-kiri,[6] en Hyself trap di trap-báli[7] fan di wyn fan di gramskap[8] fan Gods toorn, fan di Albeheerser. — En Hy het op syn oormantel en op syn heup geskrywe 'n naam: „Kóning fan di Kónings, en Heer fan di Hére."

En ek siin 'n Engel staan in di sòn, en hy roep met 'n harde stem, en sè an al di fo-ëls wat in di middel fan di hémel fliig: „Kom hiir-na-toe! Kom by makaar by di gróte maaltyd fan God, -- so dat julle kan eet flees fan kónings, en flees fan generaals, en flees fan helde, en flees fan pèrde, en fan hulle wat daarop sit, en flees fan almal, fan fry-ë en fan sláwe, en fan klyne en fan gróte!"

En ek siin di Wilde Diir en di kónings fan di aarde en hulle légers fersámel, om oorlog te maak teen Hom, wat op di pèrd sit, en teen syn léger. En di Wilde Diir werd gegryp en di false Prófeet, wat met hom sáme was, wat foor syn óge di wonder-tékeñs gedoen het, waarmé hy ferly het di, wat di merk-téken fan di Wilde Diir ontfang het, en wat syn beeld añgebid[9] het, léwendig werd hulle alby in di fuur-poel gegoi, wat met swáwel brand. — En di órige[10] werd dood-gemaak met di sáwel, wat uit di mond uit gaan fan Hom, wat op di pèrd sit, en met hulle flees werd al di fo-ëls fersádig.

Anmerkungen. [1] hoof-siirsels: Hauptſchmuck. [2] luipèrt (niederländiſch lui-paard): Leopard. [3] nes (niederländiſch net als): gerade wie. [4] keel-af-gesny was: eine abgeſchnittene Kehle hatte, ſiehe § 87b. [5] besprinkel: beſprengt. [6] yster-kiri: eiſerner Stab, Stock. [7] trap-báli: Kübel, in dem die Trauben gepreßt werden. [8] gramskap: Grimmigkeit, Wut. [9] añgebid: Partizipium Präteriti von añbid. Gewöhnlich ge-añbid. [10] órige: übrigen.

XXIII.

Di Nuwe Jerusalem, fan Binne.

(Offenb. XXI: 22—XXII: 21.)

En ek siin gen tempel daarin ni, want haar tempel is di Hére God, di Al-beheerser, en di Lam. — En di stad het di sòn of di maan ni nódig ni, om haar te ferlig ni; want di heerlikhyd fan God ferlig fer haar, en haar lamp is di Lam.

En di násiis sal in haar lig wandel, en di kónings fan di aarde breng hulle heerlikhyd daarin. — En haar poorte sal bedags[1] ni gesluit worde ni; want daar sal gen nag wees ni, — en hulle sal di heerlikhyd en di eer fan di nasiis daarin breng. — En niks wat onryn is sal daarin kom ni, oek ni wi gruwelikhyd en bedrog pleeg ni, mar alleen di wat geskrywe is in di Léweñs-boek fan di Lam.

En hy wys fer my 'n stroom fan Léweñs-water, helder nes kristal, wat uit-stroom uit di Troon fan God en fan di Lam. — In di middel fan haar staat an weers-kante[2] fan di rifiir di Léwens-boom, wat 12 keer [in di jaar] frugte draa, idere maand gé hy 'n ander oes[3] fan frugte, en di bláre[4] fan di boom is tot genésing fan di nasiis.

En daar sal gen foorwerp fan ferfloeking meer wees ni. En di Troon fan God en fan di Lam sal daarin wees, en syn diiñsknegte sal fer Hom diin, — en hulle sal syn añgesig siin, en syn naam sal op hulle foorhooofde wees. — En nag sal daar ni wees ni, en hulle het gen lig fan di lamp of lig fan di sòn nódig ni; want di Hére God sal syn lig op hulle laat afstraal, en hulle sal heers as Kóninge in di eeu-ë fan di eeu-ë.

En hy sè fer my: „Di woorde is getrou en waaragtig. En di Hére, di God fan di Geeste fan di próféte, het syn Engel gestuur, om an syn diiñs-knegte te toon, wat in 'n korte tyds-ferloop sal gebeur. — En kyk, Ek kom met haas!" Sálig hy, wat di woorde, fan di foorsegging fan hiirdi boek bewaar!

En dis ek, Johannes, wat di dinge gesiin en gehoor het. En toen ek dit hoor, en toen ek dit siin, fal ek neer om te añbidde an di foete fan di Engel, wat di dinge fer my wys. — En hy sè fer my: „Pas op, moet ni! Ek is 'n méde-diiñskneg sáme met jou en met jou broers, di próféte, en met di, wat di woorde fan di foorsegging fan hiirdi boek bewaar. Añbid God!"

En hy sè fer my: „Moet-ni di woorde fan di foorsegging fan hiirdi boek ferségel ni; want di tyd daarfoor is naby. — Laat di wat goddeloos is nog meer goddeloos worde, en di wat òñryn is nog meer òñryn worde, en di wat godsálig is, laat hy nog meer godsálig worde, en di wat hylig is, laat hy nog meer hylig worde. — Kyk, Ek kom met haas, en myn belóning kom met My sáme, om an elkeen te gé na-dat syn werk is.

„Ek is di A en di Z, Eerste en Laaste, di Begin en di End. — Sálig is hulle, wat hulle klére was, so dat hulle sterkte kan wees an di Léweñs-boom en hulle deur di poorte kan iñgaan in di stad! — Daar-buite is di honde en di tówenaars[5] en di hoereerders en di moordenaars en di afgóde-dinaars en elkeen, wat di leugen liif het en doen!

„Ek, Jesus, het myn Engel gestuur, om di dinge te betuig an julle, di gemeentes. Ek is di wortel en di geslag fan Dawid, di skitterende Morge-ster."

En di Gees en di Bruid sè alby: „Kom!" En di wat dit hoor, laat hy sè: Kom! En di wat dòrs het, laat hy kom! Di wat wil, laat hy di Léweñs-wáter neem ferniit![6]

Ek self getuig an elkeen, wat di woorde fan di foorsegging fan hiirdi boek hoor: As imand daaran toefoeg, God sal op hom lè di pláge wat in di boek geskrywe is. — En as imand weglaat fan di woorde fan di boek fan hiirdi foorsegging, God sal syn deel wegneem fan di Léweñs-boom en uit di hylige stad uit, wat geskrywe is in di boek.

Hy, wat di dinge getuig, sè: „Ja, Ek kom met haas!"

Amen. Kom, Hére Jesus!

Laat di genade fan di Hére Jesus met almal wees!

Anmerkungen: [1] bedags: bei Tage. Adverbiales s. Vergleiche § 84. [2] weers-kante: an beiden Seiten. [3] oes: Ernte. [4] bláre: Blätter, blaai-ë: Blätter eines Buches. [5] tówenaars: Zauberer. [6] ferniit: für nichts, umsonst.

XXIV.

(Wat Geld kan Doen, deur M. H. N. D. F. du Toit & Co., Paarl 1898.)

X. — Twé Briwe fan ou Koos Pienaar.

Feertiin dáge is weer ferloop. Ons kry Eduard alleen in syn kamer. Hy sit by syn skryf-tafeltji. Briwe en papire lè ferstrooi foor hom. Kommer en moedelooshyd is op syn ernstige gelaat te lees. Hy lyk in dipe gepyñs[1] te wees. Di rede fan syn neer-slagtighyd sal julle straks[2] ferneem: luister mar.[3]

Toen hy di Maandag-aand tuis kom fan Groenpoort af, word hy deur Frañs ontmoet met di skokkende[4] tyding, dat di bank, waarin hy, Eduard, £ 5000 had, bankrot gespeul[5] het. Dit was 'n gefoelige slag, en támelik goed beréken om énige man 'n bedrukte gesig te laat opsit, al was hy nog so ryk, of nog so min an aardse skatte geheg. Mar hoe groot di ferliis oek was, dit was nog ni di ergste ni; mar toen hy gister weer di tyding kry, dat deur di bank-breuk[5] twé frinde, fer wi hy borg gestaan het, fer di een fer dri-, en fer di ander fer twé duisend pond, oek tou op-gegoi[6] het, sodat hy nou an di pen[7] bly, was hy nágenoeg[8] tot wanhoop gedrywe. Wat moes hy añfang? Daar was gen ander uitkoms ni, as om syn pragtige plaas, di erfenis fan syn fader, te ferkoop. Mar dan, hoe sal dit met Maria gaan? Sodra as haar ou-ërs durf ferneem[9] in watter skrómelike omstandighyd dat[10] hy ferkeer, sal hulle hom sonder fersuim haar hand en hulle huis ontsè, dit was òñgetwyfeld. Ag! kon hy haar tog mar net behou, wat gé hy dan om geld of goed! Fer homself had hy gen swarighyd ni; hy het immers twé hande en 'n kop, en so lank as hy dit mar het, siin hy altyd kañs om fatsoenlik[11] deur di wereld te kom; mar daar sal di girige, geld-

sugtige ou-ërs fan Maria nou gen notisi fan wil neem ni.[12] Geld! geld! sigbare geld, dit was al wat hulle kon tefréde stel.

Deur sulke gedagtes oor syn sombere foor-uitsig gekwel, sit hy daar by syn tafeltji, toen Frañs di kamer inkom, en swy-ënd 'n briif foor hom neer-goi. Hy kyk na di adres: di hand-skrif was hom òñbekend. Hy maak dit oop met 'n sug en lees:

„Waarde Frind, — Fòlleñs myn belofte, het ek an 'n paar frinde geskrywe om ná-rig[13] omtrent jou karakter en fortuin. Di antwoorde, wat ek ontfang het, was allerguñstigs . . ."

Hiir kry syn gesig 'n bly-ë trek.

„So dat ek gen beswaar meer het om haar hand an jou toe te sè ni, want ek is tot di oortuiging gekom, dat ek gen beter portuur[14] fer haar, — myn dogter, — kan kry ni."

Hiir speul 'n glimlaggi om syn mond.

„Ek gé jou dus folkóme fryhyd om na haar te fry."

Syn gelaat helder meer en meer op.

„En sal dit fer ons famili in algemeen en myself in bisonder, tot 'n grote eer réken jou eerlang tot skoon-seun[15] te hè."

Syn bedrukthyd het heeltemal ferdwyn en het plek gemaak fer 'n uitdrukking fan blydskap en geluk.

.Met dï ferwagting om jou binne kort weer hiir te siin, bly ek met wáre hoog-agting,

Jou frind,

J. Pienaar."

„P. S. Ek het met di bank-breuk fan foor-laaste week 'n groot som geld ferloor. Ek wil hoop, dat jy ni oek skáde gely het ni."

By di lees fan di post-skriptum[16] het syn swaar-moedighyd weer terug gekom.

„So"! sè hy by homself: „hulle weet dus nog niks fan myn haggelikke pósisi af ni. As di ou dit geweet het, dan . . . ek weet ni, mar ek frees, dat di briif dan fan 'n heel ander aard sou gewees hè. Mar hoe is dit mólik, dat hulle daar, ten minste fan di eerste £ 5000, nog niks fan kan weet ni? Ek het tog fer Maria daarfan geskrywe en het al weer 'n briif fan haar terug ontfang. Of sou sy dit dalk[17] fer hulle stil gehou hè? Ag, ja! di liwe, goei-ë siil, sy weet oek mar al te goed, wat daarfan sal kom, as haar pa en ma dit agter-kom. Mar dis ferniit, want hulle sal dit tog mar froeger of láter moet hoor, en dan . . . Ag, myn liifste! dan is sy fer my ferlóre, ek foel dit in myn hart. Ag Maria! myn liifste! En nou moet ek dan jou tére, sagte hart gaan stukkend[18] breek deur jou di twéde Jobs-tyding[19] mé te deel! O, di geld-girige mòñsters! as hulle fan myn òñgeluk hoor. Ag, mog daar weer uit-koms wees!!"

Twé dage later ontfang Eduard 'n twéde briif fan ou Koos Pienaar; en wel fan di föllende inhoud.

„Groenpoort, 2. My 18 .

Meneer, — Eergister het ek fer jou 'n briif geskrywe, wat ek fertrou dat jou al sal ter hand gekom hè, waarin ek jou myn goed-keuring oor jou ferlówing met myn dogter mégedeel het. Sedert is my egter, tot myn innige spyt, ter óre gekom, dat jy, deur di fréselike bank-breuk, so goed as geru-ïneer is. Dit het my, hoe seer tot myn leed, — laat besluit om jou, añ gesiin dat di noodlot jou nou so getréf het, intyds te waarskuw, dat dit nou ni fer my geraai[20] is om 'n ferbintenis met jou en Maria te laat deurgaan ni. Ek weet, jy is ferstandig en weldenkend, en kan daar dus gen beswáre teun hè ni, as ek jou beleef fersoek om jou ferloofskap met myn dogter so gou as doenlik is af te breek; want jy sal tog self moet iñsiin, dat ek haar, wat so fyn en teer opgefoed is, an gen bédelaar kan afstaan ni. Jy behoef ons oek ni met ferdere besoeke lastig te fal ni, daar dit misskiin[21] onangenáme gefolge kan hè.

Ten slotte kan ek jou nog melde, dat Maria, fan dat sy fan jou oñgeluk en myn en haar moeders beśluit ferneem het, skilik erg òñgesteld[22] geworde het, sodat ons fan dag di dokter moes lat haal. Sy wou nog oek fer jou geskrywe hè; mar ek wou dit ni toelaat ni, om ek beter gedenk het, om alle korrespondèñsi op 'n end te maak.

t. t.,

Jakobus Pienaar."

So 'n briif het Eduard ferwag. — Mar, soe![23] dit was tog daarom 'n bi-tji te erg! Durf hulle hom fer 'n bédelaar uit-skel? Waarlik! so fèr was dit nog ni. Hy kan hom so ni laat fernéder ni. Durf hulle hom belet om an syn Maria, di énigste wat hom nog oorbly, wat hom nog kon troos en moed gé, te skrywe; ja, selfs belet om haar weer te besoek? Sy, di énigste wat hy ooit liif gehad het: syn skóne[24] ideaal, omdat . . . omdat dit oñangenáme gefolge kan hè . . . Wat? oñangenáme gefolge!? Wat? wat meen hy daarby? Fer wi, fer wat siin hulle hom wel an? En wil hulle hom dwing om syn ferloofskap af-te-breek? Né, nooit as nooit![25] Het sy ni fer hom gesè ni: „Eduard, myn liifste, fer éwig, ek bly jou getrou tot in di dood?" Was haar woorde ni hylig ni? En het hy ni fer haar gesè: „Maria, myn engel! di graf sal ons sky, mar niksanders ni?"

Daar lè sy nou siik, fan hartseer[26] en ferdriit, syn liifste, syn beminde. En hy mag haar ni siin ni; né, meer nog, hy moet self haar hart ferbrysel en haar fermoor, deur hulle ferlówing. wat met 'n hylige eed fersé-ël en befestig is, te fernitig! Di hémel bewaar hom daarfoor!

Liwer wil hy duisendmaal fer haar sterwe, fóór dat[10] hy dit sal doen. Siin *moet* hy haar, siin *sal* hy haar, laat kom wat wil! Mòrre, mòrre nog, wil hy daar wees. Op syn kni-ë wil hy haar ou-ërs smeek om tog ni so hard te wees ni: om tog medelyde te hè, met hom en met haar, hulle énigste dogter. Hy sou hulle bidde, om hulle tog te ontferm oor syn Maria, wat op sterwe lè[27] fan kwelling en ferdriit, en hom haar te laat behou. Werk, werk sou hy fer haar, dag en nag; en hy sal haar 'n gelukkige en oñbesorgde léwe besòrre. Hy is immers geleerd, sodat dit hom an 'n ferdiinste ni sal ontbreek ni; hv sou altyd 'n eerlikke brood-winning kon hè; terwyl hy op di ógenblik oek wel uit di moeilikhyd kan kom; want syn ooms was almal ryk, skatryk,[28] en hulle sou almal gewillig wees om hom te help . . .

Dit is nou omtrent so naasten-by,[29] wat daar, in anderhalf minuut, in Eduard syn kop omgegaan het, toen hy daar met di hande in di hare staan en di ferwèñste briif fan ou Koos Pienaar oop foor hom lè. Of hy di nag kon geslaap hè? Wi sal slaap onder sulke omstandighede, as hoof en hart altwé[30] so fòl is, dat hulle dryg om te breek?

Anmerkungen: [1] gepyñs: Nachdenken, in düſtere Gedanken verſunken. [2] straks: bald, in kurzem. [3] luister mar: höre nur zu. [4] skokkende: ſchrecklich, erſchütternd. [5] bankrot gespeul: bankerott machen; bank-breuk: Bankbruch. [6] tou opgoi: aufgeben, zahlungsunfähig werden. Der Ausdruck iſt figürlich. Ein Ochſengeſpann wird geführt an einem Tau, das die Köpfe des vorderſten Geſpanns aneinander knüpft. Ein Vorläufer (lei-ër, foorlóper) hält dies Tau. Wenn nun die Ochſen ſo ſchnell laufen, daß der Vorläufer das Tau nicht länger behalten kann, wirft er es weg, und das heißt „tou op-goi". [7] an di pen bly: in der Klemme ſitzen, allein für den Anteil anderer zahlen. [8] na genoeg: beinahe, ſozuſagen. [9] durf ferneem: auch nur vernehmen ſollten. [10] watter . . . dat; foor . . . dat. Über dieſes pleonaſtiſche dat ſiehe § 94. [11] fatsoenlik: anſtändig. [12] sal wil neem: Man kann den Satz im Deutſchen ſehr gut ohne wil wiedergeben. notisi neem: Acht geben auf, in Betracht ziehen. [13] ná-rig: Nachricht, Auskunft. [14] portuur: der Gleiche, Paſſende, Partie. [15] skoon-seun: Schwiegerſohn. [16] post-skriptum: Nachſchrift, Poſtſkriptum. [17] dalk oder dalkies: vielleicht, etwa (aus niederländiſch dadelyk). [18] stukkend: in Stücke. Das d iſt paragogiſch. [19] Jobs-tyding: Hiobspoſt. [20] geraai: Partizipium Präteriti von raai: Es ſcheint mir nicht geraten. [21] misskien: vielleicht. [22] oñgesteld: unwohl, unpäßlich. [23] soe: Interjektion mar soe: Aber nein! [24] skóne: ſchön. skoon im Kapholländiſchen gewöhnlich = ſauber, reinlich. [25] nooit as nooit: niemals; ſiehe § 103. [26] hartseer: Kummer. [27] op sterwe lè: in den letzten Zügen liegen. [28] skatryk: ſteinreich. [29] naasten-by: ungefähr. [30] al-twé: beide.

XXV.

Tant Martji Heeltemaal[1] Feranderd.

(Ebenda Kap. XIII.)

Dit was op 'n Frydag, omtrent 14 dage na dat Eduard syn erfenis ontfang het, dat hy, soos in di laaste tyd syn gewoonte was, net na di middag-éte 'n wandeling geneem[2] het uit di dorp uit, om eers laat in di agtermiddag terug te kom.

Nog nooit was hy so mismoedig en terneer-gesla-ë ni as di dag.[3] Fer di eerste maal het hom di dag[3] di tráne onwillekeurig en onweerstaanbaar uit syn óge gefloei. Wi het al di tráne gesiin fan 'n man in di krag fan syn jare? Wi het self tráne gestort, wat foort gefloei het uit 'n smart-folle hart? ... Nimand, as behalwe[4] hulle, wat dit self onderfinde het, kan weet hoe diip di ferdriit en smarte fan so 'n hart moet wees. Hulle, en hulle alleen, kan weet, wat Eduard moet gefoel hè, om so te ween; te ween sós 'n klyn, hulpeloos kindji.

Toen hy di aand, láter as gewoonlik, tuis kom, kry hy 'n briif fer hom op syn tafeltji, wat hy met 'n béwende hand oopbreek en lees. Dit begin aldus:

Fan Mefrou M. Pienaar an Mnr. F. Bester.

Groenpoort, 5 Augus 18 .

Hooggeagte en seer gewaardeerde Frind![5]

Met bidde en sméke kom ek tot u,[6] om u fergiffenis te fra fer di belédiging, wat ek u angedoen het, as dit fer u nog mólik is om so 'n daad te fergéwe. Duisendmaal wil ek foor u op myn kni-ë en met tráne in myn óge daarom smeek, as ek slegs weet, dat ek dit daardeur fan uw edelmoedighyd en grootmoedighyd sal ferkry.

U kan my gló, dat myn gedrag en handelwys teen u my tot in di diipste fan myn siil bedroef en berou, wétende[7], dat u 'n édele en opregte jonkman is, op wi syn[8] karakter niks op te merk fal[9] ni, en dat u fan ryke en eerbare ou-ërs afkomstig is.

So fréselik het my di belédiging en fernédering wat ek u angedoen het, dag en nag gekwel fan di dag af, dat ek nooit gen rus kon kry ni, of ek moes eers fer u hiir-di briif skrywe, om u te oortui-ë[10] fan myn innig en opreg berou, oor di roekelóse ðñbedagsaamhyd, wat ek in 'n flaag[11] fan woede en drif begaan het.

Wees dan tog[12] so frindelik, myn goei-ë frind, om ons mar weer te kom besoek en uw ferloofskap met ons dogter te hernuw, sy sal tog so bly wees, di arme kind, as u dit wil

doen, en ons sal u met ópe arme ontfang. Deur lang anhou het ek myn man oorgehaal om u weer in ons huis te ontfang; ja hom selfs so fèr gekry, dat hy syn toestemming gegé het tot julle huwelik. En nou ferlang ek niks meer ni, myn beste frind, as dat u tog so gou as mólik is fan di geleendhyd[13] wil gebruik maak, eer dit misskiin fer ons dogter te laat is. Ek sè: eer dit te laat is, want u moet weet, geagte frind, dat onse liwe Maria al lank op di rand fan haar graf lè. Maar u kan haar redde en haar an ons, haar bedroefde ou-ërs, terug gé, as u wil. Og, kom dan tog, al is dit mar net om harentwil, as u haar ni fan wanhoop en ferdriit wil siin ferkwyn[14] en 'n wisse en smartelike dood tegemoet gaan ni. Wil dan tog[12] mar om harentwil ons fergéwe en fergeet, wat al ferby is, as di léwe fan ons diirbare Maria u liif is. En denk slegs an di freugde en blydskap, wat u haar en ons kan doen, en di loon, wat u daarfoor hiir en láter te wagte kan wees.

O, myn édele frind! Ek weet dat ons gen bèter man ooit fer ons dogter sal kry ni, as wat u is; u is di énigste, wat haar kan gelukkig, yndeloos gelukkig maak! En ag! sy ferlang tog[12] so furig na u; sy wil haar nèrreñs[16] meer mé laat troos ni, en fra mar altyd, wanneer haar Eduard tog weer sal kom.

In di faste fertrou-ë, dat u tog[12] medelyde sal hè met di jammerlike lot fan ons sterwende Maria, en di hoop, dat ek in wynige dage in di geleendhyd[13] sal wees om u mondelik fan myn hartelike berou oor myn skandelike gedrag sal kan oortuig, bly ek met ware hoog-agting,

Oñfergeetbare frind,

Uw néderige Dinares,[5]

M. Pienaar.

Julle sal misskiin fra: Hoe is dit dan, dat tant Martji nou di briif skrywe, inplaas fan oom Koos? Mar di saak is simpel[16a] genoeg: tant Martji was di een, wat fer Eduard weggejà het, en so moes, na alle reg, sy oek weer di persoon wees, wat hom moes añlok; waartoe oom Koos haar oek oorgehaal het.

Met moeite kon Eduard di briif ten ynde lees, so bly en añgedoen[17] was hy oor di heerlike tyding. In syn eeñfoudighyd kon hy ni twyfel ni, of al wat daar staan was fan harte gemeen. In syn ferrukking oor di oñferwagte geluk, het hy ni opgelet na di gedwonge, tergende, gemaakte, oordrywende toon fan di briif, waarin fyñsery[18] en geldsug tasbaar deurskyn ni: al syn andag was nou net op Maria, en om haar te ferlos uit haar kommer en droefhyd uit.

Sou dit oek waar wees, wat hy lees? Bedriig syn óge hom ni dalk[19] ni? Is dit ni dalk[19] 'n skóne droom ni? Is dit ni dalk[19] 'n siñs-begógeling[20] ni? Is hy mal? . . .

'n Rukki[21] het hy oor di fráge in beraad gestaan, toen hy opeens deur di sonderlingste uitroepings en gebáre an syn freugde begin lug te gé:

„Man! wat fang jy tog[15] nou weer an?" fra syn oom, wat di gedugte lawaai[22] gehoor het en kom kyk het, wat daar gaande[23] was. „Lees oom, lees daar!" sè Eduard; en hy hou syn oom di briif foor.

‚Ehm, wel!" sè di ou, toen hy di briif gelees het, en dit lanksaam toefou: „En is dit nou 'n ding om so'n satañse bohaai[24] oor te maak?"

„Ja, oompi, nou 's Maria myne: nou sal ek haar kry! Myn sugte is tog ferhoord! Waar is Flink,[25] dat hy fer Dapper[26] kan opsaal, solank as ek my antrek?"

„Eduard! man! wat makeer[26a] jy tog?[15] Hoe kan jy jou tog[15] so kinderagtig gedra, jy is mos tog oek al 'n man, wat jou ferstand het, en watter gekhyd is dit om nou Groenpoort toe te ry?"

„Ag oom, mòrre is dit dalk[19] te laat, te laat! As dit ni nou al reeds te laat is ni!"

„Wees daar mar ni bang foor ni, dit sal ni so 'n faart neem[27] ni!"

„Ag oom, en Maria lè op sterwe! né, né, ek moet gaan, nou moet ek gaan! ek sterf as ek langer wag! nog eenmaal moet ek haar nog[28] siin, al kan ek niks meer daar an doen ni. Mar ek moet haar red, myn Maria moet ek red!"

„En dit sal jy oek; mar wees tog bedaard en denk eers, wat jy doen. Mar ek siin, di blydskap maak jou so deurmakaar, dat jy ni weet, wat jy doen ni, anders sou jy wel uit di briif gesiin hè, dat di nood so hoog nog ni is ni, en dat di ou frou jou hou fer 'n gek, met wi[29] sy net kan maak, wat sy wil. Né, Eduard, so swak en blind moet jy ni wees ni, jy is mos tog[15] 'n man en gen kind meer ni, en jy moet hulle toon, dat jy dit is: wys hulle dat jy ni oor hulle ferlé-ë is ni, en dat jy sònder hulle kan klaar kom."

„Ek ferstaan oom ni, wat meen oom, wat wil oom hè, dat ek moet doen; sal ek Maria an haar lot oorlaat? Né, nooit, so nooit ni. Wag, wag, dat ek kan ry."

„'n Bi-tji geduld nog, Eduard. Siin jy ni, wat di duiwelse ou heks foor het ni? Dis jou geld en niks anders, wat haar dryffeer[30] is."

„Hoe? wat? myn geld? Watter geld? Hoe weet oom dit?"

„Di héle briif is fòl daarfan: Fereers,[31] daar sè sy, wag, waar is dit? ja hiir: ‚So fréselik het di belédiging en fernédering, wat ek u angedoen het, my dag en nag gekwel, fan di dag af, dat ek nooit gen rus kon kry ni, of ek moes eers fer u

hiir di briif skrywe, om u te oortuig fan myn innige en opregte berou oor di roekelose onbedagsamhyd, wat ek in 'n flaag[11] fan woede en drif begaan het.'

„Nou wil ek weet, as di ding haar dan so gepla het fan di dag af, waarom het sy dan ni al lank al[32] fer jou om ekskuus[33] gefra ni, dat sy dan ekspres[34] eers fersuim het, tot nou dat sy fan jou erfenis gehoor het. Daaruit, meen ek, blyk dit duidelik genoeg, wat sy in di oog het."

„Oom, mar as dit so moes wees . . ."

„Dit is so, gló my, wat ek jou sè. En dat sy dan nog so òñbeskaamd durf wees, om jou met haar false fyñsery so heuning om di mond te wil smeer, en te denk, dat jy ni sal lont ruik,[35] of siin, dat dit 'n uitgedrukte boel fan skynhylige leuñs[36] is ni!"

„Ag, myn liwe oom, wat sè jy daar!"

„En dis ni al ni; mar di héle briif is net 'n strik om jou in te fang. En sal jy hulle nou so in hulle kwaad sterk, en jou so belaglik gedra, dat hulle jou mar fer 'n gek kan hou en met jou maak, net[37] wat hulle wil? Né, Eduard, na Groenpoort toe gaan jy ni, ten miñste[38] ni foor mòrre ni."

„En myn arme Maria dan, oom? dan siin ek haar mos nooit weer ni!"

Dit het di ou-kèrel moeite gekos om fer Eduard òm-te-praat,[39] dat hy tot di ander dag moes wag; mar deur di inflоed, wat hy in di laaste tyd op hom uitgeoefen het, was dit hom tog op di laaste nommer[40] geluk; dog ni eerder ni, as toen hy hom nog eeñs di fyne lis, wat in di briif sigbaar was, foor óge gehou, en so donker as hy kon afgeskilder het.

Dit was egter fer Eduard di langste en onuithoudbaarste nag, wat hy hom kon herinner, dat hy beléwe het.

Anmerkungen. [1] heeltemaal: ganz, völlig. Das t iſt eingeſchoben. (Niederländiſch heele-maal.) [2] wandeling neem: einen Spaziergang machen. Überſetzung des Engliſchen: to take a walk. [3] di dag: Akkuſativ der Dauer. [4] behalwe: außer. as behalwe iſt pleonaſtiſch. as oder behalwe allein genügt. [5] Hooggeagte uſw.; Onfergeetbare frind uſw. Die Anrede und der Schluß fallen ganz aus der Rolle. Nachahmung des Niederländiſchen. [6] u: ſiehe § 38. [7] wétende: Partizipium Präſentis hier berechtigt. Man umſchreibt auch: Omdat ek weet (weil ich weiß). Vergleiche § 98b. [8] wi syn: deſſen, ſiehe § 18, 46. [9] op te merk fal: auch niederländiſch gewöhnlich is. [10] oortui-ë: überzeugen. [11] flaag: Anfall, Laune, Grille. [12] tog: doch, bitte. [13] geleendhyd: Gelegenheit. Eingeſchobenes d (niederländiſch gelegenheid). [14] ferkwyn: vor Gram vergehen, dahinſchmachten. [15] tog: Emphatiſches Adverb Nicht zu verwechſeln mit tog in 12. [16] nèrreñs mé: mit nichts. Iets und niks vor den adverbialen Präpoſitionen werden èrreñs und nèrreñs (niederländiſch ergens, nergens). [16a] simpel: einfach.

[17] añgedoen oder añgedaan: gerührt, ergriffen. [18] fyñsery: Heuchelei. [19] dalk: etwa, vielleicht. [20] siñs-begógeling: Täuſchung, Illuſion. [21] 'n rukki: ein Augenblickchen. [22] gedugte lawaai: furchtbarer Lärm, ungeheurer Lärm. [23] gaande was: vorfiel, ſtattfand. [24] satañse bohaai: ſataniſcher Lärm, Tumult. [25] Flink: Name des Stallknechtes. [26] Dapper: Name des Reitpferdes. [26a] wat makeer jy oder jou: was iſt mit dir? Was fehlt dir? [27] 'n faart neem: ſchlimm ausfallen, Eile haben. [28] nog . . . nog: ſiehe § 103. [29] met wi: ſiehe § 45. [30] dryffeer: Triebfeder. [31] fer-eers: erſtens. [32] al . . . al ſiehe § 103. [33] ekskuus: Verzeihung, Entſchuldigung. [34] ekspres oder aspres: abſichtlich. [35] lont ruik: den Braten, die Lunte riechen. [36] 'n uitgedrukte boel fan skyñhylige leuñs: eine Menge ausgedrückter, heuchleriſcher Lügen. [37] net: gerade, genau. [38] ten miñste: wenigſtens, allerdings. [39] om-praat: überreden. [40] op di laaste nommer: auf der letzten Zahl, endlich.

XXVI.

Di Begin fan 'n nuwe Léwe.

(Ebenda Kap. XIV.)

Toen di eerste haan di mòrre in di dorpi di náderende dag añkondig met syn skrille koekelakoe-oe! had Dapper al 'n tamelike skoffi[1] agter syn rug. Groots en deftig begin Aurora sig lanksaam in haar gewaad fan purper en goud an Eduard te fertoon, tot dat sy in al haar fòlle prag en heerlikhyd foor hom staan, as-of sy hom di nádering fan innig geluk foorspel. En òñgetwyfeld het hy oek an di foorspelling gegló, en hoe náder dat hy gekom het an di fermeende geluk, hoe-meer het hy Dapper tot spoed angespoor. Toen ou Koos di mòrre fan di agtuur-táfel[2] af opstaan, en syn knyp-bril[3] opgesit het om bi-tji ròmd te loer op di werf,[4] bespeur hy 'n stofwolki met 'n swart kòl[5] in di middel, wat met di pad langes di bult afkom na di huis toe. Eers kon di ou ni uitmaak, wat dit kon wees ni, mar toen dit so finnig nader kom, en hy nou in di middel fan di swart kòl weer 'n wit plekki ontdek, spring hy di huis in om an Maria en tant Martji te rapporteer, dat Meneer Eduard Bester in antog was, en om an di myde[6] òrders te gé om fer hom 'n kostelike maal te bery, en toen hy weer uit kom om te kyk, of Booi[7] oek by di hand is om di pèrd te fersòrre, staan Eduard reeds klaar om an-te-klop. Syn eerste fraag — soo's ons self kan weet — was na Maria, mar foor dat syn hart nog drimal kon klop, het ou Koos al di kámer-deur geópen en staan hy flak[8] foor haar; maar ag! 'n skryk en rilling gaan deur al syn léde, en hy bly as fersteend staan. Was dit syn Maria? . . . Was dit di Maria, wat hy foor dri maande as 'n bloeiende roos gesiin het? Di skóne en engelag-

tige gesig, wat hy hom foorgestel het om te ontmoet, wat nou daar foor hom op di bed lè? Sy was geheel fermágerd, doodsbleek en uit-geteer, met haar pragtige haar-lokke ferwoes en òñgekam. Daar was ni baing tyd om hiiroor na te denk ni, want reeds het sy haar arms naar hom uit-gestrek. 'n Lange en innige omhelsing folg hiirop, waarin di innigste en diipste gewaar-wordings[9] fan blydskap en geluk in altwé boesems oprys, en hulle di añgesigte fan makaar met tráne befogtig.

Oom Koos en tant Martji kon hom ni genoeg prys of hom goed genoeg onthaal ni. Wel het ou Koos èffentjiis suur gekyk, en tant Martji 'n skéwe-bek getrek, toen hulle ferneem, dat di erfenis amper di helfte minder was, as wat hulle eers gehoor het, mar anders het daar niks an ontbreek ni.

Eduard het di Sondag daar oorgebly en het Maandag met 'n ferligte gemoed en 'n ferruimde hart afskyd geneem en huiswaarts gekeer.

Fan di dag af het Maria merkbaar toegeneem in béterskap, en toen bloei-maand[10] in di land kom, het oek di rósiis op haar wange weer terug gekom.

Eduard het haar getrou al wéke besoek, en toen sy geheel herstel was, het hy eendag met di kòñsent[11] fan di ou folk[12] in syn sak terug-gekeer.

Fan toen af was daar fer haar en Eduard 'n skóner en gelukkiger léweñsbaan geópen en was di ferléde fer hulle as 'n angstige droom.

In di dri maande tyd, wat Eduard getreur en Maria op sterwe gelè het, het dit egter met Frañs des te béter[13] gegaan; want hy het onder-tussen na Sofi Naudé gefry, en het dit gelukkiger getref as syn neef. An 99 mysiis was Frans ferloof en het almal weer afgesè, tot hy ten laaste in haar, di honderdste een,[14] syn anstaande wederhelf gekry het, en op 'n mooie Sáterdag in di middel fan September kon jy di twé, Frañs en Eduard, saam na di predikant toe siin stap om hulle geból̀e op te gé;[15] hulle sou op een-en-diselfde[16] dag trou, en so 'n dubbele bruilof met dubbele freugde fiir.

Onder di gaan[17] na di pastóri[18] toe kon Eduard egter ni nalaat om an syn neef di opmerking te maak:

„Wat kan geld tog ni doen ni!"

Anmerkungen: [1] skoffi: Streckchen. Deminutiv von niederländiſch schoft (Vierteltag). [2] agt-uur-táfel: Frühſtückstiſch. agtúur mit Akzentverſchiebung bedeutet Frühſtück, weil man gewöhnlich gegen acht Uhr frühſtückt. In dieſem Kompoſitum iſt das t erhalten; man ſpricht es, als gehöre es zu uur. [3] knyp-bril: Zwicker. [4] werf: Hof. [5] kòl: Flecken, Punkt. [6] my-de: Mägde. [7] Booi: Name eines Dienſtboten. Aus niederländiſch bode. [8] flak: recht. [9] gewaar-wording: Empfindung. [10] bloei-maand: Lenzmonat (September). [11] koñsent: Einwilligung. [12] ou folk: alte Leute,

Eltern. [13] des te: um ſo. [14] een: ſiehe § 31. [15] gebóde op gé: das Aufgebot einzureichen beim Pfarrer. [16] een-'n-diselfde: derſelbe, nämliche. [17] onner di gaan: während ſie gingen, unterm Gehen. [18] pastóri: Pfarrhaus.

XXVII.

(Deur Hoogmoed Misly. 'n Ferhaal deur M. H. N. D. F. du Toit & Co., Paarl 1899.)

Hoof-stuk I.

Helena.

Kan geld of goed gelukkig maak?
Né, liifde en liifde alleen:
Dit is di een'ge wáre band,
Di maak twé harte één;
Mar waar di liifde ni bestaan,
En geld di dryffeer is,
Daar kan gen waar geluk ooit wees,
Dis séker en gewis.

Jan, wat fèrsiis maak.

Wat ly[1] oom Willem tog 'n lui en lekker léwe? daar is ni nog 'n mèñs, wat dit so lekker en gemakkelik het as di ou, in di héle dorp ni. Hy het nou kompleet glad[2] gen sorg of bekommernis ni. Al wat syn hart begeer, het hy, of kan hy hè. — Hoeso? — Dit begryp jy: syn geldkas is fòl, ja fòl gou-ë wiletjiis[3], en klyn is di kas ni, dit kan ek jou ferséker. Hy eet en drink net wat hy lus, en hoef nooit 'n finger te ferroer om iets te doen ni, hy ly 'n koninklike léwe, dog sònder koninklike laste en kwellings. 'n Mooi groot huis het hy; fraai en na di smaak gemeubileer; met 'n pragtige tuin daar agter, waar jy[4] in di somertyd di seldsaamste en kostelikste frugte, en druiwe in oorfloed kan kry. Wi sou hom dit ni beny ni? Om ni eeñs fan al syn ander foorregte te praat ni. Waarlik, as hy nou ni kan gelukkig wees ni, dan is dit syn y-ë skuld.

Oom Willem is wéwenaar,[5] moet jy weet. Tiin jaar geléde[6] is syn diirbare Leentji hom deur di dood ontneem. Mar syn dogter Katrina fersorg hom nou so goed, dat di beste frou dit ni sou kon ferbéter hè ni. En di tiinjarige, swartgelokte krulle-bòl,[7] Héléna, met haar léwendige, donker, sprékende kykers,[8] en di blos fan gesondhyd op haar wangetjiis, wat so sprékend op haar oorléde[9] moeder gelyk, wat fan haar weggeneem is, toen sy pas 2 uur oud was. Sy is dan di oog-appel fan haar pa, syn lus en syn fermaak; haar léwe is syn léwe,

en haar dood sal oek syn dood wees. Ag ja, di liwe òñskuldige kinderjare: waar-om kan ons tog ni ons héle léwe deur soos kinders bly ni!

Mar wat di ou in di dá-ë ni sou gedroom hè ni, was, dat syn liwe Leentji hom di dood sou feroorsaak, sònder om haar dood te laat fooraf gaan.

Katrina, wat al huwbaar was, met haar suster Leentji, is di énigste kinders fan oom Willem. Katrina het na haar ouma, fan moederskant,[9a] geheet;[10] mar syn jongste dogter het oom Willem ekspres na haar oorléde[9] moeder genoem, om haar naam in gedagtenis te hou, en ni te laat uitsterwe onder syn nakómelinge ni; want di naam was hom bo alles diirbaar; en as hy nou haar naam noem of dit deur 'n ander hoor noem, dan wek dit by hom altyd di angenaamste herinnerings op uit froe-ër dá-ë, toen daar fer hom gen mooier froutji of nointji[11] was, as di een,[12] wat di naam gedra het ni.

Waarom oom Willem ni weer getrou het na di dood fan tant Leentji ni, dit kan nimand sè ni, daar dit tog ni an wéde-frous[13] en selfs jong-mysiis ontbreek hè ni, wat, deur syn geld gelok, hom hulle hand — fan di hart is ek ni so seker ni — sou geskenk hè ni. Mar òñgetwyfeld was di liifde fer syn dogters een fan di grootste rédes, wat hom daarfan weerhou het; want di ou was baing gek na syn twé dogters, en sou hulle ni graag onder di hande fan 'n stiifmoeder wou laat ferfal ni.

Wat Katrina betref, dit het haar waarskynlik ook ni an fry-ërs ontbreek ni, ofskoon haar persoonlike hoedanighéde ni feul antrekkeliks[14] besit het ni; mar di ferlydende krag fan haar geld was ruim genoeg, om alle ander gebréke te fergoed en haar fan anbidders te omring. Dog sy was een fan di wynige mysiis, wat meer prys gestel het op di dégelike fersorging fan haar fáder, as om haar an 'n los-bòl[15] of gewétenlóse fortuinsoeker te ferkoop. En oom Willem was daar ook mar bly om, want hy wou haar mar graag fer hom alleen behou, en 'n mèñs sou amper kon denk, dat di ou daar self ook 'n handji in had om di lastige fryers fèr langes[16] te hou.

Mar sou oom Willem nou ook règtig so gelukkig wees, as wat hy deur di oog fan di wèreld foor[17] añgesien word? Wel ja, as rykdom en 'n lekker léwe alleen genoeg is om 'n mèñs[18] gelukkig te maak, dan séker is oom Willem dit; mar daar lè juis di knop,[19] dat dit ni altyd di gefal is ni; mar baing maal is dit net di teenoorgestelde; dikwils is di geld juis di oorsaak fan di grootste ellende. En dat dit met oom Willem ook láter — nou nog ni, mar láter — di gefal was, dit sal julle kan siin uit di gebeurtenis wat ek nou gaan[20] beskrywe.

Mar di ergste is nog, dat juis syn troetelkind[21] di bewerker daar-fan moes wees. Alhoewel,[22] dit is gaar[23] ni soo 'n

groot seldsaamhyd ni; òñs siin dit in di dá-ëlikse léwe meer gebeur. En te swaarder tref ons so 'n miskenning, naarmáte[24] dat[25] di persoon òñs diirbaarder is, en òñs dit in di sorgelóse kinderjáre minder fan hom of haar ferwag het. Mar waarom sal ek myn lésers ook nou al onnódig op sulke onangenaamhéde trakteer![26] hulle sal daar nog wel genoeg fan kry. Oñs keer dus liwers tot di añgenámer werkelikhyd terug.

Dis 'n ontsettende warme sómers-agtermiddag; soos di spreekwoord sè, dat di kraaie gaap.[27] Oom Willem het pas[28] opgestaan, nadat hy hom so lekker uitgeslaap het op syn hangmat, onder di groot peerboom, wat jy daar naby syn huis siin staan, links fan di granaat-láning[29] af, waar di ou gewend is om syn middag-rus te neem en 'n lekker pypi Transfaalse tabak te rook. Nou sit hy in sy ou[30] groot ry-stoel op di stoep foor di deur in di skádewé[31] fan 'n pri-jeel,[32] wat buig onder di las fan di heerlikste druiwe, wat di ferbygangers laat watertande.[33] Langes hom, op 'n groen-geferfde banki, staan 'n koppi koffi te damp, en tussen syn kni-ë staan Héléna, bésig[34] om haar les op te sè by haar pa.

„A, middag, broer Willem; jy sit mos alte lekker hiir!" roep opeeñs 'n stem in di foordeur.

„Myn tyd, Bèrend, is dit jy!" roep oom Willem: „Waar kom jy so stil en òñferwags fandaan; kruip jy dan uit di grònd uit?"

„Né, ek het uit di lug gefal," antwoord Bèrend op diselfde lughartige toon.

„En hoe gaan dit nog, broer Bèrend, met jou en jou famili?"

„Nog rédelik, danki! kompelmente[35] oek fan di frou en kinders. En hoe gaan dit nog met broer?"[36]

„Oek nog goed, danki; ek kan ni klá ni."

„Ja, as jy ook sal moet[37] kla, dan sal ek mar moet[37] stil bly."

„Middag, oom," sè Helena nou, en steek haar handji na oom toe uit.

„A, middag, nig Leentji! ek fergeet jou glad. En hoe gaan dit nog met jou?" — „Goed, oom."

„Ja, dit kan ek wel siin; want jy is so gesònd en fet soos 'n farki," antwoord haar oom, terwyl hy syn niggi 'n soen op di wang druk.

„Ou broer," sè oom Willem, „en jy het séker sommar[38] te-pèrd ingekom."

„Ja, en ek het myn pèrd hiir agter in jou stal gesit; dis di[39] wat jy siin, ek kom sommar[38] hiir dwarsdeur di huis; want ek het jou gehoor praat hiir foor, en di deure staan toen so mooi oop, dat ek sommar[38] by di agter-deur in-geglip[40] het. Mar waar is Katrina dan? ek het mos fandag net om haar gekom ... O, daar is sy; middag, Kaatji."

Middag, oom Bèrend. En wat wil oom[36] dan met my maak?" fra Katrina, wat die laaste woorde fan haar oom gehoor het.

„Wel, dit is nou 'n héle stóre-tji, wat jy en jou pa altwé fan stukki tot beentji[41] sal moet añhoor," antwoord oom Bèrend, terwyl hy hom neerplak op di stoel wat Héléna hom añgebide het.

„Leentji, loop haal fer jou ou-sussi[42] oek 'n stoel," sè Katrina, wat Leni onmiddelik met berydwillighyd doen.

Oom Bèrend Voster was di énigste y-ë broer fan oom Willem, dog omtrent tiin jaar jonger. Oek was hy ni so ryk as syn ou-boet[43] Willem ni; mar kon daarom goed léwe. Hy had 'n mooi plaas[44] 'n half-uur uit di dorp uit, met di naam fan Blomfontyn.[45] Di naam is mooi genoeg. En daar was dan ook syn boerdery.[46] Op di bewuste agtermiddag het hy te pèrd na di dorp gekom, om fan syn ou broer en syn niggi te hoor, of hulle syn jongste seun, di twaalfjárige Willem, wat hy nou daar in di skool wou sit, by hulle in di kos[47] sou neem.

Toen Katrina plaas geneem het op di stoel, wat Helena fer haar gebreng het, règ foor haar oom, en wel in di houding fan 'n magistraat wat 'n getuige in ferhoor neem, sè sy: „Nou ja, as oom dan met my so 'n belangrike saak te behandel het, dan fersoek ek oom, om nou mar te begin."

„Ja, siin jy, myn niggi, ek het yndelik[48] mar net[49] met jou pa te doen; mar omdat jy nou di baas speul hiir in di huis en di héle huishouding ook mar net[49] op jou rus, het ek dit myn plig geréken, om ook eers te hoor, wat jy daarfan sè, en om jou toestemming ook te kry, as jy daar kañs toe siin."

„Ag so, oom, laat ons dan nou hoor, wat oom syn fersoek[50] is."

„Reg so, di ding is net dit: ek wil mos nou fer Willem ook in di skool sit, want hy word al te groot en ondeu-ënd; ek kan met hom niks meer anfang op di plaas[44] ni, dit word nou hoog tyd, dat daar ook iits in syn bówenste ferdi-ping moet geklink[51] worde; nou wou ek mar net[49] gehoor hè, of jy en jou pa kañs siin, en ni sal omgé, dat hy hiir by julle tuis kom ni?"

„Ja, oom," fal Helena in: „oom moet hom mar hiir na toe breng, dat ek 'n maat hè om mé te speul, want ek is nou so glad[52] alleen hiir, ek het gen een, wat ek mé kan speul ni."

„En dat julle na makaar kan fry ook nè?"

„Ja, oom!"

„O jou plattji![53] jy is nog so klyn, dan weet jy nou ook al fan fry-ëry!" Né, waar dit so gaan, wil ek ni meer praat ni. Waar moet dit alles heen. Mar nou ter sáke: Siin jy kañs, niggi, om Willem hiir in te neem en hom te fersòrre?"

„Ag, já wat,[54] oom! fer my is dit niks, as pa net ni omgé ni."

„Ag, né wat,[54] broer, jy kan Willem mar énige[55] dag breng; jy kon hom al reeds lank al gebreng hè, dan het Leentji tog met eens ook, soos jy sè, 'n maat om na te fry; want sy is mos 'n snaakse[56] kind, met ander mysi-kinders[57] wil sy niks te doen hè ni, net met jongetjiis wil sy altyd omgaan; so persiis[58] di teenoorgestelde fan haar ou-sussi.[42] Mar sy aard[59] ook so règ na haar oorléde[9] ma."

„Ek frees mar net," sè oom Bèrend, „dat nig Kaatji dit moeilik sal kry met so 'n kwaaijong,[60] soos Willem is."

„O, né wat,[54] oom; daar hoef oom ni foor te frees ni, ek sal hom gou mak maak."[61]

„As jy dit kan doen, niggi, dan sal ek bly wees; mar ek twyfel, of dit so gemakkelik sal gaan, di Willem is 'n alte[62] stout kind!"

„Nou, oom sal siin, ek sal hom gou reg leer; oom en oom syn mèñse is mar net te swak fer hom en laat hom te feul toe."[63]

„Dit glo ek inderdaad ni; mar wat sal 'n mèñs doen, as so 'n niksnuts[64] gen óre het ni?"

„Nou, ek sal siin, of hy óre het of ni, en as hy dit het en hy wil ni luister ni, dan sal hy gou genoeg met die knyptang[65] kennis maak."

Oom Bèrend antwoord met 'n dróge laggi sonder iits te sè.

„Willem is 'n flinke kèreltji," sè oom Willem, „daar steek tog léwe in hom; hy is ni so dooierig,[66] soos di ou[30] dorps jongetjiis ni, wat smòrreñs tot tiin of elf uur toe in di kooi[67] lè ni, en net fan sigarettes léwe, of liwer, wat sig dood rook daaran, foor dat[25] hulle nog 12 jaar oud is; daar sit moed in di fèntji, hy sal nog 'n flukse en wakker kèreltji wòrde, as hy groot is."

„En 'n mooi portuur[68] ook fer Leentji," lag Katrina, „wat sè *jy*, ou-sus?" Dog sus antwoord mar net met 'n blos fan kinderlike bedeesdhyd.

„Loop, sè Afi moet fer oom Bèrend 'n koppi koffi breng, Leentji," sè Katrina na 'n ógenblikki fan stilte.

„Né danki, niggi. — Wag mar, Leni!" sè oom Bèrend. „Ek denk, dat 'n tros druiwe my nou béter sal smaak as 'n koppi koffi," herfat di ou, wyl hy 'n begérige blik slaan op di heerlike kristal en háne-poot[69] wat bókant syn kop hang.

„Og, oom, di kan jy eet so feul as ji lus het," sè Katrina, wat opstaan om fer di ou 'n tros af te sny.

„Daardi[70] tros, Kaatji, daardi een."[12]

„Hiirdi een,[12] oom?"

„Ja, mar kyk, dar sit 'n spinnekop[71] an, maak hom tog eers af, anders byt hy strakkiis[72] an jou oom syn tong fas."

„'n Spinnekop?" roep Leentji; „wag, dat ek hom dood maak!" En sy trap dit dood, toen Katrina dit fan di druiwekòrrel[73] afslaan, met haar klyn foetji.

„Arme spinnekoppi!" sè oom Willem, wyl hy syn kop skud, op 'n skynbaar deelnémende maniir, net om syn liif dogtertji te pla: „As jy di stomme diirtjiis so fermoor, dan word jy nooit 'n goei-ë mèñs ni."

„Ag, pa, dis dan so 'n lélike ding!"

„Mar hoor, sulke druiwe eet weer fórentoe,"[74] sè oom Bèrend, terwyl hy di gróte, rònde, geel kòrrels met huid en haar op syn gemak en met di grootste handighyd di een na di ander in syn keel-derm lat af gly.

„Ja, mar weet oom, dis net om *ek* dit afgepluk het," sè Katrina skertsend.

„O ja, dit wil ek jou goed glo; ek weet dit self by onderfinding," sè oom Bèrend. „Dis waar, 'n tros druiwe sal 'n mèñs glo kan eet, al het jou frou oek tandpyn. En feral, as jy dit so lekker het as broer Willem, wat so omring is fan al di gemakke en genoegeñs, wat di aardse léwe jou kan ferskaf, en met twé sulke liwe, beminlike dogters, wat jou op jou wenke bediin."

„Ag myn tyd, boeti![42] dit mag jy jou ferbeel, mar moeni glo ni; dis di twé ongehoorsaamste en yësinnigste kinders, wat jy nog ooit gesiin het. Hulle sal tog ni 'n finger ferroer fer hulle pa ni, en maak net met my, wat hulle wil," ferklaar ou Willem op 'n toon, wat egter in weer-spraak was met syn woorde.

Onder sulke geselsery,[75] wat fer di lésers, en feral fer di met fyne smaak begaafde léseresse, te laf en onbelangrik sal wees om hiir te herhaal, en hulle net sal ferfeel — iits wat ek, as ek dit kan help, ni graag wil doen ni — gaan di agtermiddag fer di fiirstuks ongemerk ferby.

„Arri né, mar kyk: dit word tyd, dat ek so soetjiis an[76] weer moet laat fat,"[77] sè oom Bèrend yndelik, toen hy merk, dat di skadewé fan di huis al di oorkant fan di straat al beryk het, „anders sal di ou-frou dalk naderhand begin knorrig worde en denk, dat ek hiir te diip in di bottel gekyk[78] het en te hoog in di takke[79] was en deur di kòñstáwels[80] in di hotel gebreng is, waar di koningin fer sulke mèñse mooi laat oppas."[81]

„Né, dit glo ek tog ni, dat oom daar foor hoef bang te wees ni, want ek het oom nog nooit eens 'n sopi gesiin drink ni," fal Leentjii weer in, wat, soos 'n règte japsnoet,[82] haar neus óral in steek.[83]

„Dit wil ek jou goed glo," sè oom Bèrend, „dat jy my nog ni gesiin drink het ni, mar ek is oek ni fan di soort, wat heeldag bitji-bitji[84] drink ni; mar as ek di dag an drink gaan, dan suip ek oek weer dat dit di moeite wèrd is, sodat ek weer 'n ruk[85] kan uitkom, en dit weet jou tant Hanni goed genoeg. — Nou ja, broer Willem, dan sal ek mar Maandag fer Willem breng, as jy en Katrina dit so goed-find."

„Ja, fer my is dit net diselfde[86], wanneer jy hom wil breng," sè oom Willem.

„Ja, oom kan hom mar Maandag breng," foeg Katrina fan haar kant daarby, „ek sal dan sólank fer hom 'n kámer règ-maak."

„Nou ja, dan sal òñs so maak, dit is baing goed fan jou, niggi — Middag, broer Willem." — „Middag, Bèrend, groetnis[87] tuis."

„Danki. — Middag, Katrina; danki oek fer jou gewillighyd om fer Willem te sòrre."

„Ag, oom, dis mos niks ni; dis gen dank wèrd ni. — Sè mar groetnis[87] an tant Hanni en di kinders."

„Danki! — Dag, Leni!"

„Dag, oom! Sè mar fan my oek kompelmente[35] an tant Hanni en Willem."

„O, jy denk mar net om Willem! Ja, ek het dit geweet. Jou pa sal moet oplet fer julle twé." En met di woorde lig[88] oom Bèrend hom in di saal met di flughyd fan syn fry-da-ë[89] en gé syn ou trippelaar[90] di spóre.

Anmerkungen. [1] ly: führen, leiten. [2] glad: gar. [3] gou-ë wi-letjies: goldene Räderchen = Goldſtücke. [4] jy: man, ſiehe § 49. [5] wéwenaar: Witwer (niederländiſch wéduw-naar). [6] Tiin jaar geléde: vor zehn Jahren. [7] krulle-bòl: Krauskopf. [8] kykers: Augen. [9] oorléde: verſtorbene. [9a] ouma fan moeders-kant: Großmutter von mütterlicher Seite; Muttersmutter. [10] geheet: geheißen nach. Es iſt Sitte, daß der älteſte Knabe den Namen des Großvaters von Vaterſeite, und das älteſte Mädchen den Namen der Großmutter mütterlicherſeits bekommt. [11] nointji: junge Dame, Mädchen. Grundwort noi, Plural noi-eñs. [12] di een: diejenige. hiirdi-een, daardi-een ſiehe § 31, 44. [13] wéde-frous: Witwen. wédewé: Witwe. Ebenſolche Doppelbildungen ſind mans-méñse, frou-mèñse, meisi-kind, jongetji-kind uſw. [14] feul antrekkeliks: viel Reizendes. NB. Genitiv nach feul, iets, niks, baing, min, weinig. [15] losbòl: Wüſtling, Taugenichts. [16] fèr langes: auf gute Entfernung, entfernt. [17] wat hy ... foor: ſiehe § 95. [18] 'n mèñs: jemand, einen. [19] daar lè di knop: da ſteckt der Knoten. [20] gaan beskrywe: Futurum der Dauer. Vergleiche engliſch going to describe (§ 100). [21] troetel-kind: Liebling, Schoßkind. [22] Alhoewel: jedoch, dennoch. [23] gaar ni: gar nicht. [24] naar-máte: in dem Maße, je nachdem. [25] dat: pleonaſtiſch, ſiehe § 94. [26] trakteer: bewirten, unterhalten, ergötzen. [27] dat di kraai-ë gaap: daß die Krähen (vor Hitze) gähnen. [28] pas: ſoeben, juſt. [29] granaat-láning: Allee von Granatapfelbäumen. [30] ou in dieſem Gebrauch hat eine familiäre oder verächtliche Bedeutung. In dieſem Sinne iſt das Wort in der Umgangsſprache außerordentlich häufig; ſelbſt wenn von Alter gar nicht die Rede ſein kann. Vergleiche di ou dorps-jongetjiis. [31] skádewé: Schatten (niederländiſch schaduw). Vergleiche wédewé (niederländiſch weduwe). [32] pri-jeel: Laube. [33] wáter-tande: es wäſſert einem der Mund.

[34] bésig: beſchäftigt. ... ſtand Helena, ihre Lektion herzuſagen, oder: und ſagte ihre Lektion her, oder: ihre Lektion herſagend (§ 98, e.). [35] kompelmente: Grüße, Komplimente. [36] broer: ſiehe § 39 und unten 42. [37] moet: pleonaſtiſch gebraucht. Wenn du auch klagen wirſt. Man kann sal moet auch als Umſchreibung des Konditionals auffaſſen: Wenn du auch klagen ſollteſt, hätte ich lieber geſchwiegen. [38] sommar: Es iſt ſchwierig, die Bedeutungsnuancen dieſes Wortes wiederzugeben. Der Satz bedeutet ungefähr: Du biſt wohl zu Pferde gekommen, gelt? Du biſt wohl zu Pferde gekommen, nicht wahr? (Niederländiſch zoo maar.) [39] di für daar-om (deshalb). [40] in-geglip: eingeſchlichen, eingeglitten. [41] fan stukki tot beentji oder fan stukki tot brokki: von Stückchen zu Beinchen (Stückchen), bis ins Einzelne, umſtändlich (niederländiſch van stukje tot beetje). [42] ou-sussi: Schweſter. Die jüngeren Kinder in der Familie nennen die älteren vielfach: ou-boet, boeta, boeti (Bruder) und ou-sus(si), suster, sussi (Schweſter). [43] ou-boet: ſiehe 42. [44] plaas: Gut, Hof. [45] Blomfontyn: als Platzname häufig. Blumenbrunnen. Auch Bloem-fontein geſchrieben; aber gewöhnlich Blom- geſprochen. [46] boerdery: Meierei. [47] in di kos neem: in die Koſt nehmen. [48] yndelik von niederländiſch eindelyk (endlich) wird häufig verwechſelt mit eentlik, eintlik (niederländiſch eigenlyk) eigentlich. So auch hier. Richtig wäre ynt-lik, in der Schreibweiſe des Verfaſſers. [49] mar net pleonaſtiſch; nur, bloß. [50] fersoek: Geſuch, Bitte. [51] in syn bówenste fer-di-ping moet geklink wòrde: in ſein oberſtes Stockwerk getrieben werden muß, d. h. es wird Zeit, daß er etwas lernt. [52] glat: ganz und gar. [53] plat-ji: Schelm, Spitzbube. Auch niederländiſch. [54] ag, já wat; ag, né wat; ja gewiß; nein, gewiß nicht. [55] énige: irgend welch. [56] snaakse: wunderlich, ſonderbar. [57] mysikinders: Mädchen. Vergleiche oben 13. [58] persiis: gerade, genau, präzis. [59] aart na: nacharten, ähneln. [60] kwaai-jong: unartiger Junge, kleiner Schelm, Range. [61] mak maak: zähmen, bändigen, unter Kontrolle bringen. [62] alte: zu, allzu. [63] laat hom te feul toe: verwöhnen, verhätſcheln, zu nachſichtig ſein, ihm zu ſehr ſeinen Willen laſſen. [64] niks-nuts: Taugenichts, Nichtsnutz. [65] knyp-tang: Kneifzange (niederländiſch (k)nyptang). [66] dooi-ërig: träge, gleichgiltig, apathiſch. [67] kooi: Bett. [68] postuur: der Gleiche, Paſſende, Genoſſe, von gleichem Alter. [69] kristal; háne-poot: Traubenarten. [70] daardi, hiirdi: ſiehe § 44. [71] spinne-kop: Spinne. [72] strakkiis: vielleicht. Deminutiv von niederländiſch straks, ſiehe § 78. [73] druiwe-kòrrel: Traubenbeere. [74] eet fórentoe: eigentlich ißt nach vorn, vorwärts; ſchmeckt ausgezeichnet. [75] geselsery: Geplauder. [76] so soetjiis an: allmählich, ſiehe § 78, 84. [77] laat fat: gehen, ſchieben. [78] te diip in di bottel kyk: zu tief ins Glas gucken, zu viel trinken. [79] hoog in di takke was: eigentlich hoch in den Zweigen war, angetrunken war. [80] kòństáwels: Poliziſten. Engliſch constable. [81] hotel, waar di koningin ... laat oppas: Gefängnis. Dem engliſchen „Queen's Hotel" nachgebildet. [82] jápsnoet: Jungfer Naſeweis. [83] neus

... in steek: die Naſe ſtecken in. [84] bi-tji-bi-tji: bißchen-bißchen, bißchenweiſe, ſiehe § 89. [85] ruk: Zeitlang. [86] net diselfde: ganz gleich. [87] groetnis tuis: Grüße die Leute daheim. Vergleiche kompelmente oben 35. [88] lig in di saal: ſchwang ſich in den Sattel. [89] fry-dáë: Tage, als er noch auf Freiersfüßen ging. [90] trippelaar: Paßgänger.

XXVIII.

My eerste Liefde.

[Sáme-spraak tussen Klaas, Flori en Tysi.[1]]

[Klaas en Flori kom fan teenoorgestelde kante fan di platform[2] op; Flori met boeke onder syn arm, met ernstige gelaat.']

Klaas. Wel, Flori, waar gaan jy?

Flori. Kan jy ni siin ni? Ek kom fan di skool.

Klaas. O, jy het al-weer op skool gebly?[4]

Flori. Dis niks om oor te lag ni. Ek foel net bek-af,[5] kèrel.

Klaas. Sònder om grappe te maak,[6] hoe het dit dan gekom?

Flori. Hoe's dit dan, was jy ni in di skool ni?

Klaas. Né, jong, ek het di ou-baas[7] fan middag weer droog-gespring,[8] en stokkiis gedraai[9] in di feld.

Flori. Hoe het jy dit weer règ-gekry?[10]

Klaas. Pa het my gestuur om di kalwers uit di land uit te já, en jy weet mos, hoe òñs maak, as òñs so 'n job[11] kort foor skooltyd kry. „Dis laaste siin fan di blik-kantiin."[12]

Flori. Jong, en hoe kry jy mòrre jou draai[13] by di meester? Jy weet, òñs moet met 'n pas[14] fan òñs ou-ërs na di skool toe kom op so 'n dag.

Klaas. Ag kerel, ek skrywe net 'n briif met my linker-hand, want jy weet, my ou-kèrel[7] téken mar net swak.[15]

[Nou kom Tysi in en maak 'n groot lawaai[16] met 'n mond-fluitji[17] wat hy bespeul. Tysi is 'n spot-fo-ël.[18]]

Tysi. O, liwe tyd, ou maat! Hoe lyk dit, nes di hoenders jou kos afgeneem het![19] Di skool het laat uitgekom[20] fan dag, nè?[21]

Flori. Jou krits,[22] praat jy nog? Ek skop jou net-nou; dis ni weer fan-dag, wat jy my an di pen laat ry[23] het! (Hy dryg om Tysi te slaan, mar bedwing hom nog.)

Tysi. 'n Man foel mar ni hélemal in jou element ni, as jy 'n ekstra uurtji by-gekry het!

Flori. Jou afgedankste kind,[24] ek het fan jou prá-tjiis nou net genoeg. Hou nou jou mond, hoor!

Tysi. Ou maat, moet nou ni warm word ni, dis te laat daar-foor; jy's mos[25] nou weer los. Skool-sit[26] is mos[25] jou ou

„laai".[27] [Hiir word Flori kwaad, en jaag Tysi met 'n paar skoppe en fuis-sláge di kámer uit, met di woorde: „Jou[28] klyn niksnuts, moe-ni dink, ek is jou maat ni!" Fluit-fluit[29] gaan hy weg.]

Klaas. Hoe's jy dan so warm[30] op Tysi? Het hy dan iits met di saak te doen?

Flori: Kèrel, moet niks fan hom praat ni, as ek hom eendag in di feld alleen kry, sal hy syn moer fer 'n eend-fo-ël añsiin.[31] Dis net deur di klyn bog,[32] dat ek in di moeilikhyd gekom het. Hy skiit di meester agter di nek met 'n stuk kwéper,[33] en toen word di ou natuurlik bees-agtig[34] kwaad. En jy weet, Tys kan so 'n froom bakkiis[35] opsit, as hy kwaad gedoen het. Toen di meester fra, wi dit is, weet hy fan niks. Ek kon my lag oor di grap ni hou ni, en toen di meester my siin lag, dog[36] hy, dis seker ek. Di end fan di affère[37] was, dat ek nou eers uitkom. [Tysi kom weer fluit-fluit[29] an fan buite met 'n òñferskillige gesig.]

Tysi. [Hy praat fan fèr af[38].] Hoe denk jy, Flori, is dit ni òñgristelik om di sòn oor 'n man syn kwaadhyd te laat ondergaan?

Flori: Ou maat, jy moe-ni nou bang word ni, nou ek jou 'n „loesing"[40] belówe het.

Tysi. [Hy pluk[41] 'n kardoes lekkergoed[42] uit syn sak uit.] Kom, jong! laat òñs di ding nou mar af-eet,[43] want ek het hartelik spyt, dat ek jou fan-dag di kool gestoof[44] het. Ander dag kan jy my weer an di pen laat ry.[23]

Klaas [An Flori]. Man, wat sal jy jou nou „stink"[45] hou, di fréde kom net tepas in di gesprek, wat ons wil foer.

Flori [Hard-op[46] en goed[47]]. Gé di kardoes hiir!

[Klaas fat di kardoes, en gé fer elk-een twé; nou eet hulle dit plegtig[48] op, en Klaas steek di kardoes in syn sak, en knik fer di publiik.][49]

Klaas. Laat òñs nou mar fan di droewige geskidenis afstap, want daar is 'n ander belangerikke kwessi[50], wat ek met jou oor[51] wil praat.

Flori. Jong, as dit ni iits belang-riks is ni, dan moet jy my mar eers laat loop, want my hart foel net sleg.

Klaas. Né, jong! dis net iits, wat 'n mèñs onder sulke omstandig-héde wonderlik kan op di béne hou.[52]

Flori. Nou ja, laat òñs hoor, wat jy te sè het.

Klaas. Flori! . . . (bitji skaam) het jy al 'n noi gehad? (Flori kyk ferbaas.)

Tysi. Ja, kèrel! dis net di règte kwessi.[50]

Flori. Ek 'n noi? Natuurlik ni.

Klaas. Dis niks natuurlik, dat 'n man ni een moet hè ni![53] Ek en Tys het elk-een een, of ten miñste een in di oog. Ek weet ni, fer wi Tys sal fat ni, mar hy het my gesè, hy weet al fan een. — Ek het ook al 'n fyn een[54] uitgesoek. Gaat jy ook in fer di ding?

Flori, Mar, Klaas, wat moet 'n mèñs met di goed maak? 'n Mèñs het daar niks an ni. Hulle doen niks as skré, en as jy an hulle fat, dan tjank[55] hulle, dat jy net in jou pas-oppeñs[56] moet bly. — Ek sal myn stèrre dank[57], as ek gen-een hoef te hè ni.[58] Ek hou niks fan di skoe-lappers[59] ni.

Tysi. Skoe-lappers! is jou sustertji dan 'n skoe-lapper?

Flori. Natuurlik ni, want sy is ook al twaalf jaar.

Klaas. Nou wel, het jy dan nog nooit so 'n nointji[60] gehad ni? Hulle hoef ni almal twaalf jaar te wees ni, myne is 15.

Tysi. En myne is ook 15.

Flori. O, meen jy so een! Ek dog, jy meen 'n ou má-retji fan 5 of 6 jaar. — Dis hélemaal 'n ander saak. Bewaar my, as ek met so 'n outji[61] añgesmeer[62] raak. (Hy lag lekker.[89]) Mar wat is dan yntlik[63] di snaakshyd[64] om so 'n mysi te hè? Fertel my 'n bi-tji.

Klaas. Ek sal jou di saak duidelik maak, as jy 'n mysi gefat het. —

Flori. Mar, Klaas, kan jy dan fer hulle somar[65] fat? As hulle nou ni wil ni?

Tysi. Og, hul wil altyd, hul is mar danki[66] bly, as òñs hulle wil hè. As jy dan 'n mysi gefat het, dan moet jy sweer, dat jy baing fan haar hou, en dit moet sy ook doen. En dan moet jy haar altyd dop-hou,[66a] om saam met haar skool toe te gaan. En as di skool uitgaan, dan moet jy weer met haar huistoe stap, en dan moet jou mysi an jou règter kant loop, hoor?

Flori. Dan bedank ek jou daar hartelik foor; om fan makaar te hou, dis minder, mar om altyd met so 'n jap-snoet[67] te loop, daar kom niks fan ni. Dan kan jy ni eeñs met andere jongetjiis speul ni.

Klaas. Dis ook ni nó-dig ni, as jy 'n mysi het, dan speul jy ni meer ni; daar-foor is jy te ferliif, en teen-oor ander kèreltjiis, wat gen noiëñs het ni, steek dit so parmantig[68] af, as jy na jou mysi loop, en met haar wegstap.

Flori. Nou wel, laat ek fèrder hoor.

Klaas. Dan moet jy fer haar prentjiis[69] gé om op te plak,[70] pépermente[71] om an te suige, daar's hul almal gek na.[72]

Tysi. A! Jong, nou dat jy fan pépermente praat, waar is myn kardoes?[42] [Tysi fat dit en gé weer fer elk-een 'n paar en steek dit in syn broek-sak.]

Flori. Prentjiis kan ek haar gé, daarfan het ek 'n héle klomp, mar pépermente gé ek haar ni. Ek kry mar 'n siks-pèñs[73] sakgeld in di week. Om dit fer di winkeliir te gé, betaal glad[74] ni.

Tysi. Hiir-di[75] in myn sak het ek juis fer haar gekoop, wat julle al byna op-gefreet het.

Klaas. Dan gé jy haar mar net prentjiis, dis ook goed, en dan kry jy fan haar 'n sak-doek[76] met jou foor-letters[77] daar-op. Mar ek glo, fer di sak-doek moet jy self sòrre, want di

mysiis het nooit gen geld ni. Jy kan dan mar 'n ou-ë gé; en di gebruik jy dan nooit, mar jy dra dit net in jou bóweñste bá-tji-sak.[78] Dan moet jy fer haar fry-briwe[79] skrywe op lekker-[80] ruik papiir in 'n mooi kom-fert,[81] en dan moet jy haar briwe of jou hart berge, en dit nooit an imand wys ni.

Flori. Briwe skrywe! ek weet wragtag[82] ni, wat ek daarin moet skrywe ni. Myn ma moet my altyd help met di briif fer my oom en tante, as hulle ferjaar.[83] Né, hoor, as jy niks béters weet, dan gaan ek ni in fer di ding ni.

Tysi. Flori! mar fry-briwe[79] moet jy tog skrywe, anders is daar gen aardighyd an ni. Denk nou net, as jy di middag op skool moet sit, en sy kom dan fer jou 'n briif by di fèñster iñgòi! Dit troos 'n man wonderlik in jou treurighyd. In di briif, wat jy an haar skrywe, moet jy dan sit, dat jy haar fer éwig sal liif hè, en dat jy so òñgelukkig is, as jy haar ni by jou het ni, ens.[84] En bó-an sit jy: „Allerliifste Engel", en dit doen jou mysi ook. Mar daar is nog meer. By pant-speuletjiis[85] moet jy altyd net met haar „fry", en sy met jou.

Flori. Né, danki tog daarfoor! Ek moet altyd net met haar loop, en dan nog net met haar „fry". Né, danki tog fer my![86] En as ek nou weer 'n ander mooi mysi siin, dan mag ek ni met haar fry ni? Né danki tog, dan gaan ek ni daar-foor in ni.

Klaas. Jy mag daar-om[87] yntlik[63] ook met ander noiëñs fry, mar jy doen dit daar-om[87a] kastig[88] ni, omdat dit ni fer haar sal lekker[89] wees ni, daarom laat jy dit mar staan. En dan moet jy spook[90] met al di kèreltjiis, wat fer haar lag of fan haar skender,[91] of hulle ni ordentlik gedra teen-oor haar ni.

Flori. Dis goed, as hulle dit waag, dan sal ek met hulle spook,[90] want fan spook hou ek.

Klaas. En weet jy, Flori, wat di mooiste fan alles is, gen een mag weet, dat sy jou mysi is ni, daarom moet jy altyd jou sak-doek fer 'n ander wegsteek[92] en jou briwe gehym hou, mar natuurlik ni fer my en fer Tysi ni.

Tysi. Jy moet dit ook ni eeñs fer jou neus gebruik ni.

Flori. Nou, wat het ek dan an di sak-doek?

Klaas. Wel, yntlik[63] niks, mar dis net soos 'n toor-houtji,[93] siin jy, di word altyd in di gehym gedra. Nou, Flori, gaan jy in daar-foor?

Flori. Het julle altwé al 'n mysi? wi is dit?

Klaas. Di fan Tysi weet ek ni. [Tysi knip syn óge.[94]] Ek het al een, as jy saam wil maak, moet jy ook een uitsoek; en as jy eers een het, sal ons makaar sè, wi dit is.

Flori. Goed, ek kan julle dit nou al sè.

Tysi. Jong, en jy is di man wat net-nou niks fan di dinge geweet het ni. Jy lyk na 'n klyn huigelaartji.[95]

Flori. Man, ek het een in di oog gehad, mar het nog nooit náder gestaan[97] ni, omdat ek julle draaië[98] nog ni geken het

ni. En dan is 'n man mar agter-houdend[99] met di soort fan kwessiis.[50] Moet ek sè?

Klaas (hardop). Né, jong! [Tysi druk syn hand met-een op Flori syn mond.] Oñs skrywe elk-een syn noi haar naam op 'n brifi, en goi dit in myn kep[100], en dan trek Tysi dit een na di ander uit, en lees dit hardop.

Tysi. Kapitaal!

[Tysi skeur fan di kardoes dri skoon papiirtjiis af en gé an di ander twé ook elk-een een. Hulle skrywe di náme, nádat hulle op di grònd gaan sit het, en goi dit in di kep. Tysi trek, en lees af.]

Tysi. Mita Venter! — Mita Venter! — Mita Venter! — [Hulle kyk makaar ferbaas an.]

Klaas en Flori saam. Dis 'n piirdery.[101]

Tysi. Né, wragtag[82] waar. Kyk self.

[Hy oorhandig[102] di papiirtjiis.]

Klaas. Wat nou gemaak?

Flori. Ons stoei[103] fer haar, en di man wat wen, di kry haar. [Hy gryp Tysi om di lyf en wil begin feg.]

Tysi. Né, jong! dis ni „fair"[95] ni, want jy is baing gróter as ek. [Flori los hom.]

Klaas. Kom, òñs trek kort-stokki.[104]

Tysi. „Alright!" „Alright!"[105]

[Klaas fat dri stokkiis en laat hulle trek. Tysi trek di règte en skré.]

Tysi. Hiir het ek hom! [Hy skré dit uit.]

Flori. Dis alles bog.[105a] [Tysi het eerste getrek.] Want as ek eerste getrek het, dan kon ek di règte getrek hè.

Tysi. Wat règ is, is règ.

Klaas. Ek denk daaroom, Flori het règ. Kom, ek sal julle 'n béter plan gé. Flori het ni baing belang gestel fan di begin af ni, en Tysi het nog baing tyd om 'n ander te soek. Ek begin al na myn ou-kant[106] toe draai, en daarom sal ek 'n ruilery[107] foorstel.

Tysi. Maak eers jou foor-waardes,[108] en dan sal òñs náderhand besluit.

Klaas. Myn pa slag mòrre 'n bees,[109] dan sal ek fer Flori di hóring's, en fer Tysi di stèrt en kloutjiis[110] gé, en ek kry fer Mita.

Tysi en Flori. Top! Top![111]

[Fergenoeg tré hulle af fan di tóneel.]

(Ons Klyntji.)

In dieſem Stücke — es ſind drei Schüler, die miteinander ſprechen — hat man ein gutes Bild der Sprache, wie ſie unter den jüngeren Leuten im alltäglichen Gebrauche geſprochen wird. Es ſei bloß auf die vielen eigentümlichen Ausdrücke hingewieſen, und beſonders auf die Bilderſprache.

Anmerkungen. [1] Klaas Koseform von Nikolaas, Flori von Floris, Tysi von Matthys. [2] platform: Bühne. [3] gelaat: Gesicht. [4] op skool bly: nachsitzen, nachbleiben. [5] bek-af: erschöpft. [6] grappe te maak: zu scherzen. [7] ou-baas, ou-kèrel: der Alte. [8] droog-gespring: betrügen, an der Nase führen. [9] stokkies gedraai: schwänzen. [10] règ-kry: machen, überlegen. [11] job: englisch job, Auftrag. [12] Dis laaste sien fan di blik-kantien: Und dann ist er verschwunden; blik-kantien: Blechnapf. Sprichwort. [13] kry . . draai wörtlich: Bucht. Hier: die Sache überlegen. [14] pas: Paß, Schein, Zettel. [15] net swak: sehr schwach, schlecht. téken: sich unterschreiben. [16] lawaai: Lärm. [17] mond-fluitji: Mundharmonika. [18] spot-fóël: Spaßvogel. [19] di hoenders jou kos afgeneem't: Die Hühner dir die Kost abgenommen haben; niedergeschlagen. [20] skool . . . uitgekom: Schule ist . . . aus. [21] nè: nicht wahr? was? [22] krits: Schelm, Taugenichts. [23] an di pen . . . ry: die Kosten, die Verantwortung tragen; die Zeche bezahlen. [24] jou afgedankste kind: du vermaledeiter Junge; du Schelm. [25] mos: nicht wahr? doch. [26] skool-sit: Nachsitzen in der Schule. [27] laai: Kniff, Streich. [28] jou: siehe § 38. [29] fluit-fluit: pfeifend, siehe § 98d. [30] warm: hart, böse. [31] syn moer fer 'n eend-fool añsiin: Seine Mutter für eine Ente ansehen; sich täuschen, sich verrechnen. [32] bog: unbedeutender Junge. [33] kwéper: Quitte(nbirne). [34] bees-agtig: bestialisch, furchtbar. [35] froom bakkiis: unschuldiges Gesicht. [36] dog: Präteritum von denk. [37] affère: Affaire, Sache. [38] fan fèr af: von weitem, aus der Ferne. [40] loesing gé: durchprügeln. [41] pluk: ziehen. [42] kardoes lekker-goed: Düte Bonbons. [43] af-eet: abessen, wie abtrinken. [44] di kool gestoof: einen Streich spielen. [45] stink: ungemütlich, unartig. [46] hard-op: laut. [47] goed: gut, nicht mehr böse. [48] plegtig: feierlich, denn sie essen ja ab. [49] knik fer di publiik: nickt dem Publikum zu. [50] kwessi: Sache (niederländisch kwestie). [51] wat . . . oor: siehe § 95. [52] op di béne hou: stärken, Mut geben. [53] Dis niks . . . hè ni: Es ist gar nicht natürlich, daß man kein [Mädchen] haben muß. Beachte niks als Verneinungsadverb (§ 92). [54] fyn een: ein vortreffliches [Mädchen]. [55] tjank: schreien (niederländisch janken). [56] pas-oppens: Hut, Acht geben. [57] stèrre dank: mich glücklich schätzen. [58] as ek . . . hè ni: wenn ich keines zu haben brauche. [59] skoe-lapper: Schmetterling (niederländisch schoen-lapper. Das Wort bedeutet eigentlich Schuhflicker. Schmetterling niederländisch vlinder). [60] noin- tji: Mädel. Das zweite n auch in nonni und nonna. [61] outji: Mädel. Eigentlich: altes. Aber ou wird in manchen Bedeutungen gebraucht; z. B. um etwas Zartes oder Verächtliches zu bezeichnen. [62] añgesmeer raak: an den Hals geworfen kriegen. [63] yntlik: eigentlich. [64] snaakshyt: das Komische, Drollige. [65] somar: ohne weiteres, nur so. [66] danki bly: sehr froh; so froh, daß sie „ich danke" sagen. [66a] dop-hou: aufpassen. [67] japsnoet: Jungfer Naseweis [68] parmantig: stolz, keck, frech. [69] prentjiis: Bilder. [70] om op

te plak: zum Aufkleben. [71] pépermente: Pfefferminzen. [72] is gek na: gern haben. [73] siks-pèñs: engliſch six-pence. [74] glad: ganz und gar. [75] hiir-di: dieſe, ſiehe § 44. [76] sak-doek: Taſchentuch. [77] foor-letters: Anfangsbuchſtaben. [78] bóweñste bátji-sak: obere Jackentaſche. [79] fry-briwe: Liebesbriefe, billetdoux. [80] lekker-ruik: parfümiert. [81] komfert: Kuvert. [82] wragtag: wahrhaftig. Das -ig wird von manchen Perſonen -ag geſprochen. [83] ferjaar: Geburtstag haben. [84] ens: uſw. Abkürzung für en-só-foorts. [85] pand-speuletjiis: Pfänderſpiele. [86] fer my: ſo weit ich beteiligt bin; ſoweit es mich angeht. [87] daar-om: wohl, zwar. [87a] daar-om: deshalb. [88] kastig: aber, zwar. [89] lekker: angenehm; lekker bedeutet angenehm in jeder Hinſicht. [90] spook: ſich ſchlagen, fechten. [91] skender: verleumden. [92] weg-steek: geheim halten, verſtecken. [93] toor-houtji: Zauberholz. [94] knip óge: winken. [95] fair (engliſch): gerecht. [96] huigelaartji: Heuchler. [97] náder staan: Figürlich ſich eine Sache näher anſehen, ſich Mühe geben, erkundigen. [98] draai-ë: Kniffe, Streiche. [99] agter-houdend: zurückhaltend. [100] kep: (engliſch cap) Mütze. [101] piirdery: Betrügerei, Schwindel. [102] oor-handig: überreichen. [103] stoei: ringen, kämpfen. [104] kort-stokki trek: das Los ziehen vermittels Stöckchen. [105] alright (engliſch): gut, abgemacht, recht. [105a] bog: Unſinn. [106] ou-kant: nach der alten Seite. [107] ruilery: Tauſch. [108] foor-waardes: Bedingungen. [109] bees: Ochſe. [110] stèrt 'n klou-tjiis: Schwanz und Füße, Klauen. [111] top: topp! abgemacht!

XXIX.

Margrita Priñslo.

('n Historise Tóneel-stuk uit di Tyd fan di gróte Trek, deur S. J. du Toit. Paarl 1897. — Aufgeführt in Paarl im Januar 1897.)

Dèrde Bedryf.[1]

Sesde Táfereel.[2] — (Nog in di Boere-lager by Mooirifiir,[3] di tent fan Kommandant Potgieter op di een hoek, en di fan syn seun Koos op di ander hoek fan di Tóneel.[4] — Koos Potgieter en Krisjan Joubert kom met hulle geweers op, en set dit teen di tent neer; haal hulle bandeliirs af en set di oek neer; hulle gaan op twé feld-stoeltjiis sit, stop hulle pype en steek dit an met di tondeldoos.[5])

Koos Potgieter. — Jong, ek siin daarom[6] nou, hulle het baing meer gemaak fan 'n leeu, as hy règtig is. Hy is glad ni so fréselik, as hulle dit gemaak het ni. Hy het oek mar[7] syn léwe liif, en as hy kañs kry om te laat-fat,[8] dan spaander[9] hy oek mar.[7] Hy het oek mar[7] ontsag fer di mèñs-gediirte.[10] Ek denk ni, hy sal somar[11] di eerste rusi soek[12] met 'n mèñs ni.

Krisjan Joubert. — Ja, mar jong,[13] dit hang net daarfan af, af hy honger het of ni. As hy baing wild en fòl-op kos het, dan sal hy ni somar[11] spook[14] met 'n mèñs ni; mar

pas-op, as hy honger het, dan haal hy jou os fan di juk af, en fersigtig dan mar,[15] as hy fer jou alleen kry langers[16] di pad.

Koos Potgieter. — Mar wag, kèrel,[17] ek wil met jou oor 'n ander ding gesels.[18] Jy weet, ek is baing ferliif op Margrita Priñslo. Jong,[13] sy is tog 'n alte gáwe[18a] mysi. Mar sy is mos ferloof an Pieter Botha in di Ou-Kólóni,[19] en nou wil sy fan niks en fan ni-mand anders weet ni. Mar jy is mos 'n lang-kop knápi,[20] wat fer alles 'n plan het, gé jy nou fer my raad, hoe ek moet maak.

Krisjan Joubert. — Ja, mar dan moet jy my di héle ding net kaal[21] fertel, anders kan ek ni raad gé ni.

Koos Potgieter. — Né, man, daar is niks bisonders tot nog toe ni. Ek het eers met haar ma gepamperlang,[22] en an di ou-noi[23] persentjiis[24] gegé en so,[25] en dit lyk fer my, sy is heeltemaal op my hand. Sy het dan oek 'n goei-ë woortji fer my gedoen by Margrita en ek het self perbeer om daar-di-kant toe uit te praat.[26] Mar dis net ferniit. Sy goi di ding net baing fèr, en wou somar[11] weg loop, as ek 'n woord daar-fan sè.

Krisjan Joubert. — En wat het jy toen fèrder gemaak?

Koos Potgieter. — Né, niks bisonders ni, ek het fer Swartland[27] laat dòl-os goi.[28] Mar hy sè oek mar[7], di klyn-noi[23] huil nog altyd oor di ander klyn-básí.[23] Mar ek het fer hom gesè, hy moet fer my paljas[29] gé, en hy sou syn worteltjiis[30] in di feld gaan soek.

Krisjan Joubert. — Ag né, jong,[13] wat maak met di bog[31] paljas![29] Ek sal jou 'n béter plan gé. Hoe-lank is hulle nou al weg met Piet Retief syn trek?[32]

Koos Potgieter. — Dis nou net[33] 8 dáge.

Krisjan Joubert. — Nou kyk, nou gan òñs twé te-pèrd agterna. Oñs het mos baing famili onder hulle, en myn plan is oek al lank om Natal te gaan kyk. Mar nou gan òñs hul wys-maak,[34] dat Pieter Botha same met 'n klyne trek[32] and' kom[35] was, mar dat hulle ferkeerd getrek[36] het, en dat di Kaffers hul fermoor het, en twé man het te-pèrd uitgejaag, en di tyding by òñs láger gebring. En òñs sal di stóri so mooi uit-dink met dag en datum, wanneer en waar en hoe dit gebeur is, dat hulle dit sal moet gló. Dan sal Margrita wel eers 'n bitji ferdritig[37] wees, mar dan is jou tyd[38] om fer haar te fertroos, as jy dan net rappad[38a] genoeg is.

Koos Potgieter. -- Né, man, di slag is jou plan daarom[6] ni mooi ni. Kyk, ek het fer haar al te liif om fer haar nog meer smart an te doen. Sy sal fréselik ferdritig[37] wees, as sy so 'n tyding kry. En dan kom di leugen tog mar[7] naderhand uit. Né, so oneerlik wil ek daarom[6] ni wees ni. Ek het fer haar baing liif, mar met so 'n bedrog wil ek haar daarom ni fang ni.

Krisjan Joubert. — Ja, mar dis daarom di beste plan wat ek weet. En so gou sal dit ni uitkom ni. As jy haar

mar eers het. Mog dit láter uitkom, dan sal òñs wel 'n ander plan kry. As jy dit ni wil doen ni, dan weet ek gen raad fer jou ni.

Koos Potgieter. — Mar sal jou ou-kèrel[39] wil hè, jy moet gaan?

Krisjan Joubert. — O ja, ek was mos nou al amper[40] sáme.[41]

Koos Potgieter. — Nou kyk, dan moet òñs daarom net gou begin, anders is hulle trek[32] al te fèr, en dan word dit moeilik en gefaarlik om fer hul te pèrd agterna in te haal, en dan wil òñs ou-mèñse[39] straks[42] oek ni meer fer òñs laat gaan ni. Jy weet, jou ma is mar altyd baing oñrustig oor jou.

Krisjan Joubert. — Nou kyk, mòrre moet òñs di ding kant en klaar maak, en oor-mòrre, dou-foor-dag,[43] moet òñs di feld laat skeur.[44]

Koos Potgieter (alleen, nadat Krisjan fertrek is): — Krisjan is daarom 'n slimme rakker.[45] Dis net jammer, hy 's 'n bitji skelm. 'n Mèñs kan hom ni altyd fertrou ni. Mar ek wil daarom[6] di klyn-nòi[23] tog al te graag hè. Hoe sal ek nou maak? Mar ek moet ou Swartland sy paljas[29] oek hè. (Hy gaan een kant op di tóneel en roep): Swartland! Swartland! kom hiir-sò.[46]

Swartland. — Ja, my basi![23]

Koos Potgieter. — Kom hiir, jou ou skelm! waar is myn paljas?[29]

Swartland. — Allematti,[47] basi, baing kesoeke; daaromme kekry. Hiir-sò![46] basi. — Hiir-di wortelki[48] di basi hy[51a] dra so omme sy nekke (di worteltjiis is in 'n klyn sakki met foorslag riimpiis[49] om), enne di snuife di basi hy gòi biki inne di klyn-noi[23] haar kosse of koffi (di snuif is in di dop[50] fan 'n wilde frug). Danne di klyn-basi salle sine, di klyn-noi sal somarre[11] lope agtere di basi anne.[51]

Koos Potgieter. — Nou dè![52] Swartland, daar is fer jou 'n stuk tabak; en as ek di klyn-noi kry, dan gé ek fer jou 'n mooi persent; mar as ek haar ni kry ni, wé jou gebeente, jou ou karnalli.[53]

Swartland. — Danki, basi! Naante, basi! (Hy fertrek.)[51a]

Koos Potgieter (alleen). — Nou het ek twé stringe an myn boog.[54] Nou moet di ding règ kom. Wag mar, Margrita, òñs spreek makaar náder.

(Di Tóneel ferander.)

Séwende Tafereel. — (In Piet Retief syn láger by Suikerbos-rand.[55] Foor di tent fan Klaas Priñslo sit hy en syn frou en Piet Retief op feld-stoeltjiis te ge-sels;[18] Margrita breng koffi en hulle twé rook daarna onder di ge-sels.)[18]

Klaas Priñslo. — Dis nou baing sleg dat di feld hiir so kaal afgebrand is deur di Kaffers. Oñs sal nou fereers ni

kan ferder deurtrek na Natal toe ni; want foor dit gereent het, is daar nou gen kos fer ons fé ni.

Piet Retief. — Né, mólik is dit oek mar goed so. Myn plan is nou om di lager hiir te laat, en met 5 of 6 man as 'n kommissi[56] eers na di klompi Engelse smouse[57] an di Baai[58] te gaan, om fer hulle te pols[59] omtrent Dingaan en di ruil fan di land en te siin, wat òñs alles by hulle kan kry, en dan na Dingaan self te gaan om te siin, of hy di land an òñs wil afstaan, en so kan ek met-een[60] self siin, hoe di land lyk oek.[61]

Klaas Priñslo. — Dis 'n goeie plan. As jy wil hè, sal ek self mé-gaan,[41] of een fan myn seuns mé-stuur.[41]

Piet Retief. — Ja, as dit òñs geluk[62] om Natal fan Dingaan te ruil of te koop en 'n yge sé-háwe te kry, dan trek net-nou meer as di helfte fan di Afrikaners uit di Ou-Kólóni[19] agter òñs an, want dis tog nou daar on-uit-houdbaar.

Klaas Priñslo. — Ja, daar is baing fan myn famili en frinde, wat sal agter-na kom. Oñs moet dan mar[7] net 'n plan maak om fer hulle 'n fertroubare berig weg te kry. (Margrita hoor dit met blykbare welgefalle an in di deur fan di tent.)

Joggom Priñslo (kom op di tóneel half ferfaard).[63] — Het pa gehoor, daar is weer so 'n moord gebeur?

Klaas Priñslo. — Né, myn kind, waar dan? En hoe is dit dan gebeur?

Joggom Priñslo. — Dis 'n klyne trek fan mense wat agterna gekom het, en een fan Salkats[64] syn kommandos het hulle almal fermoor, net Gert Greyling en Willem Pretorius het tepèrd uit-gejaag, en half ferhongerd is hulle in Potgieter syn lager añgekom.

Klaas Priñslo. — En wi was almal in di trek?

Joggom Priñslo. — Al di náme kan ek ni onthou[65] ni; ek het oek mar net flugtig gehoor. Mar buiten di familiis Greyling en Pretorius was daar 'n[66] Piet van Reñsburg, en Willem de Jager oek by, en dan Pieter Botha oek.

Ragel Priñslo. — Watter Pieter Botha?

Joggom Priñslo. — Oom Hans Botha syn seun, òñs froegere buurman.

(Margrita Priñslo, wat al di tyd in di tent-deur staan luister het, draai onder blykbare ontroering dadelik om en gaan in di tent, en haar ma gaan oek agter-na.)

Piet Retief. — Wi het dan di tyding gebring?

Joggom Priñslo. — Koos Potgieter en Krisjan Joubert is 'n klyne rukki geléde te-pèrd iñgekom met di berig.

Piet Retief. — Waar is hulle?

Joggom Priñslo. — Ek denk, hulle is nou juis na oom sy tent toe.

Piet Retief. — Né, wag, dan wil ek eers alles gaan uit-hoor.

Klaas Priñslo. — Ek gan oek saam.[41]

(Piet Retief en Klaas Priñslo fertrek.)

Ragel Priñslo (in di tent-deur). — Joggom, breng 'n bitji water. Jou arme suster Margrita lè flou[67] fan ferdriit oor di berig, wat jy gebreng het fan Pieter Botha sy dood. Kom help fer my om fer haar te láwe.[68]

(Di tóneel ferander.)

Agste Tafereel. — (Di wóning fan Tubbs an di Baai. — Piet Retief en Tubbs sit gesels.)

Tubbs (groet fer Piet Retief by di iñkom, laat hom sit en fra): Waar fandaan kom di rys dan?

Piet Retief: Myn láger staan bó-op Drákeñsberg, en ek het mar met 'n kommissi afgekom om te kom kyk, hoe di land hiir lyk, en of òñs met julle hiir an di Baai kan handel drywe. En wat òñs hiir kan kry.

Tubbs: O, julle kan hiir by òñs alles kry: koffi, suiker, klérási[69] en skiit-goed,[70] geweers en net wat julle wil hè. Oñs kry gedurig goed fan Algoa Baai en andere plekke af met di skippe.[71] Mar fertel my eers, is dit waar: julle het Salkats heeltemaal ferdrywe uit di land uit?

Piet Rutief: O ja, hy is oor di Krokodil Rifiir geflug, en òñs het òñs fé en alles, wat hy gerówe het, terug geneem.

Tubbs. — Mar waar-om kom julle ni hiir in di land woon ni? Dis so 'n pragtige land. Dan kan julle hiir 'n Répubbliik stig. Hiir het julle 'n mooie sé-háwe alles.[72]

Piet Retief. — Ja, mar di land behoort mos[73] an Dingaan. Denk jy, hy sal di land an òñs wil ferruil?

Tubbs. — Al-te séker, want hiir di foorste land gebruik hy tog ni.

Piet Retief. — Mar het di Engelse Regéring dan gen règ op di Baai ni? Want kyk, di Kaap met al di „onderhórighéde" is mos[83] an di Engelse oorgemaak.

Tubbs. — Ja, mar in di 30 járe tyd het Engeland ni alleen gen règ op di land laat gelde ni, mar Lord Glenelg, di Minister, het uitdrukkelik ferklaar, dat hy met di land hiir niks wil te doen hè ni. Ek sal fer jou di koerante[74] gé, wat ek met di laaste skip ontfang het, dan kan jy self lees.

Piet Retief. — En sal julle tefréde wees, as òñs fer julle 'n stuk gròn gé hiir an di Baai?

Tubbs. — Al-te séker. Oñs sal mar[7] bly wees, as julle di land kom bewoon. Dan kom hiir tog beskaafde mèñse, en handel oek.

Piet Retief. — En wat denk jy, sal di beste manier wees om met Dingaan te onderhandel?

Tubbs. — Né, ek denk, julle moet mar règ-uit na hom toe gaan, en fra om di land te ruil, so fèr as julle dit wil hè. Op òñs hulp kan julle réken.

Piet Retief. — Nou ja, dan gaan ek hiir-fandaan af règ-uit soon-toe.[75]

(Di Gordyn fal.)

Dertiinde Tafereel. — (Klaas Prinslo syn tent. — Hy en sy frou sit foor di tent koffi te drink, wat Margrita bring.)

Ragel Prinslo. — Ag man, ek weet tog ni wat dit is ni, mar ek foel tog so òñgerus oor Joggom en almal, wat sáme is met di Generaal na Dingaan toe. Dis al oor di tyd, dat hulle moes terug gewees hè. As hulle mar ni straks[76] fermoor is deur di kaffers ni.

Klaas Priñslo. — Ag né, frou, jy maak fer jou ferniit òñgerus. Hulle sal wel fandag of mòrre kom. (Sarel Cillie kom by, gaan sit en neem oek koffi.) Neef Sarel, my frou is al baing òñgerus oor Retief en sy mèñse, jy moet tog fer haar 'n bitji troos en moed iñpraat.

Sarel Cillie. — Mar, Neef Klaas, ek foel self ni gerus ni. Oñs mèñse wil oek fer my ni hoor ni. In-plaas-fan[77] by-makaar te bly, soos di Generaal geòrder het, tot hy terug kom, ferspry[78] hulle nou oor di héle land in klyne klompiis.

Klaas Priñslo. — Ja, mar Neef Sarel, dis mos nou fréde met di Kaffer, dis fer di mèñse tog so lastig met di baing fé by makaar: daarom wat hulle uit makaar ferdeel.[79]

Sarel Cillie. — Mar, Neef Klaas, ek is nog al di tyd ongerus. En ek is ni 'n bygelówige[80] mèñs ni, soos jy weet. Mar fan-mòrre, toen ek myn dagboek uithaal om iits daarin an te téken, fal daar 'n druppel bloed foor my op di blad-sy, waar ek skrywe, en tot nou toe weet ek ni, waar dit fandaan kom ni. Mar ek denk, òñs moet fandag plan maak om di mèñse by makaar te breng, en 'n pèrde-kommando uit te stuur om te gaan kyk, waar Piet Retief en syn mèñse bly.

Margrita Priñslo. — Ja, Oom Sarel, doen dit tog. Ek is tog oek so òñgerus.

(Daar fal skóte in di fèrte.)

Klaas Priñslo. — Hoor, daar skiit hulle. Dis séker Retief en syn mèñse wat añkom.

Sarel Cillie. — Ja, as dit ni iits èrgers is ni. Mar kom, òñs gaan kyk. (Hulle twé fertrek. — Di skóte hou an en kom náder.)

Margrita Priñslo. — Ag ma, daar is iits ferkeerd. Dis ni 'n saluut, wat Retief en syn mèñse skiit, en gereelde sarsiis,[81] wat di la-ërs antwoord ni. Dis 'n deur-makaar-fegtery.[82]

Ragel Priñslo. — Ja, myn kind, ek frees oek, dis di Kaffers, wat òñs añfal. Mar òñse liwe Hére het òñs al só dikwils uit hulle hande ferlos; Hy sal òñs nou oek wel bewaar.

Dañster (kom net an met 'n emmer wáter). — Myn liwe nòi, dis waar, wat Swartland syn dòl-osse[28] gesè het. Dis 'n fréselike kòrrel-en-fisiir gewerskaf[83] fan dag. Ek wou nog flug, mar di Kaffers is al ròndom òñs. Di báse is almal op hulle pèrde met hulle roers,[84] mar di Kaffers is te feul, en òñs is ferdeel in klyne klompiis, en di wá-ëñs is ni in la-ërs getrek oek ni.

Ragel Priñslo. — Roep al di frouëñs, wat in òñs la-ër is, by-makaar, en laat òñs self di wa-ëñs met òñs ei-ë hande in 'n kring trek en toeslaan, so lank as di báse di Kaffers buite-kant teen hou.

Dañster. — Ag, myn liwe noi, dis nou te laat. Hoor noi dan ni hulle skiit en skré hiir in di la-ër ni? Di Kaffers is al tussen di mèñse. Fan dag is òñs almal dood. (Hy kruip agter di tent onder 'n hoop hout.)

Margrita Priñslo. — Ag ma, ek gaan bidde om bewáring. (Sy gaan in di tent. Di skitery en geskré is al flak[85] by. — Hester Prinslo gryp nou 'n byl en gaan in di tent-deur staan. — Met 'n alarm kom 'n party[86] Kaffers gewápend met asse-gaaië op di tóneel, 'n paar gaan direk na di tent, di ander soek in andere rigtinge. Ragel Prinslo kap eers een Kaffer dood met di byl, mar di ander steek haar dood met hul asgaai-ë, en sleep haar uit di tent-deur uit en goi haar op di tóneel. Nou storm hulle di tent in en steek Margrita Prinslo binne-kant dood. Daarna sleep hulle haar uit en goi haar oek op di tóneel neer. Di skitery kom al náder; twé Kaffers fal op di platform[87] deur di kó-ëls. — Pas[88] is di Kaffers een-kant fan di tóneel af, of Pieter Botha met énige gewápende manne kom di ander kant op.)

Piet Botha. — So, nou flug hulle! — Mar di kwaad is gedoen, di moord is gepleeg. — Dis fréselik. Piet Retief is nou séker oek fermoor met syn 70 man, en al di lá-ërs met frouëñs en kinders, so fèr as òñs deur gekom het, is uitgemoor. — Kèrels! julle moet oplet, as di Kaffers mog omdraai, moet òñs almal by makaar spring, dat hulle ni fèrder kan moor ni. Mar ek wil eers kyk . . . Hiir-di is mos di wa en di tent fan di Priñslo's. Ja waarlik, dit is Tant Hessi Priñslo, ag hoe fréselik tog! — En di! — (Hy kniel by Margrita, wat op haar gesig lè, en draai fer haar om.) — Ag hemel! te-laat! te-laat! — Ag, ek het net te laat gekom! — Sy is dood. Ag, was ek tog mar 'n bitji eerder, dat ek haar kon ferdédig het met myn laaste druppel bloed. — (Hy lig haar hoof op en foel haar hart en pols.) — Kan dit wees? - Is dit so? — Dis nes haar hart nog klop! — (Hy luister met syn oor op haar hart.) — Ja, dank! sy léwe! sy léwe nog! Ag, hémel, laat haar tog nog net een woord met my praat! Laat sy my nog net een-maal añkyk! Laat sy nog net weet, dat ek di laaste kus op haar sterwende lippe gedruk het. (Hy soen haar.)

Ja, haar mond is nog warm. Breng wáter, laat ons haar láwe. Al-te-mit kom sy nog weer by.[89]

Dañster (spring onder die hoop hout uit). — Hiir is Dañster! Dañster léwe nog! — (Hy gryp di emmer wáter en breng dit an.) — Allematti, basi! hoe-kom het jy tog ni eerder gekom ni? Di klyn-noi[23] het baing getreur oor jou. (Piet Botha en di ander láwe fer haar.) — Ja, di klyn-noi sal weer reg kom. Swartland sy dòl-osse het daarom di slag[90] di waarhyd gesè. — Ja, kyk, sy kom by. Myn nonni![23] myn nonni! kyk, hiir is di klyn-básí[23] nou. Ek het mos[73] fer jou gesè.

Piet Botha. Ja, dank, sy kom weer by. — Margrita, ken jy my nog?

Margrita Priñslo. — Ja. (Sy maak 'n flouë[91] póging om haar hand om syn nek te sit, waarin hy haar help, en sy gé 'n téken, dat sy hom wil soen, waar-in hy haar te gemoet kom.) . . . Ja, Pieter, myn Pieter . . . Ek was jou getrou . . . Laat my nou mar sterwe in jou arms.

Piet Botha. — Né, jy sal ni sterwe ni. — Myn gebed is ferhoor. Jy sal léwe. (Hulle gé fer haar 'n bitji brandewyn en wáter.)

Dañster. — Ja, di fuur-water[92] sal di klyn-noi[23] weer règ-ruk.[93]

